

# Restorica

Stigting



Foundation

Simon van der Stel

7





TUYN HUIS, CAPE TOWN (GOVERNOR'S RESIDENCE)



Gordon Verhoef  
& Krause

DECORATORS • RENOVATORS • RESTORERS

JOHANNESBURG 614-6511

DURBAN 21-1266

CAPE TOWN 45-2302

WINDHOEK 2-5641

# Restorica

Stigting Simon van der Stel Foundation

No. 7

**Stigting Simon van der Stel Foundation**

(Ingelyfde Vereniging sonder Winsoogmerk • Incorporated Association not for gain.)  
Opgerig • Established 8 April 1959

**Hoofbeskermheer • Patron-in-chief**

Die Staatspresident, Mnr M Viljoen D V D  
The State President, Mr M Viljoen D M S

**Nasionale Raad • National Council**

Nasionale Voorsitter • National Chairman  
Dr S Meiring Naudé

Nasionale Ondervoorsitter • National Vice-Chairman  
Mnr F D Conradie L V

*Kaapprovinsie • Cape Province*

Dr E E A Gledhill  
Mnr G Osler  
Dr T Pauw  
Kol J P Terblanche  
Mnr S Theron

*Natal*

Dr J Pringle

*Oranje-Vrystaat • Orange Free State*

Prof F D W van Zyl

*Transvaal*

Mnr J B C Roets  
Dr N Stutterheim  
Dr A J van Zyl

*Suidwes-Afrika • South West Africa*

Mnr J H Venter

*Redakteur • Editor*

Mnr Deon Jooste

*Adres • Address*

Posbus • P.O. Box 1743 PRETORIA 0001  
Tel 2-6748, 2-8651

*Die Stigting Simon van der Stel aanvaar nie verantwoordelikheid vir feite of menings wat in artikels vermeld word nie.*

*The Simon van der Stel Foundation does not accept responsibility for facts or opinions mentioned in articles.*

---

*Voorblad • Front Page*

Augusta de Mist, die dogter van kommissaris J A de Mist.  
Augusta de Mist, daughter of Commissioner J A de Mist.  
Kopiereg en eiendom van dr W Punt.

## Inhoud - Contents

Pres. M.T.-Steyngeboortehuis: 'n verlore eer word herstel . . . . .	2
Conservation and the law . . . . .	6
Restourasie van die oudste bekende woonhuis in Suid-Afrika . . . . .	10
Anglo to restore oldest house in the country . . . . .	11
Prof. J.J. Oberholster† . . . . .	12
The Cape chair – a survey . . . . .	16
Kennisgewing en agenda van jaarvergadering . . . . .	20
Jaarverslag van die Nasionale Voorsitter . . . . .	22
Direkteursverslag . . . . .	24
Ouditeursverslag . . . . .	24
Balansstaat . . . . .	25
Inkomstestaat . . . . .	26
Aantekeninge by die finansiële state . . . . .	27
Notule van die 20ste Algemene Jaarvergadering . . . . .	31
Duwisib, the castle in the desert, and its builder captain Hans Heinrich von Wolf . . . . .	34
Fraserburg word bewaringsbewus . . . . .	36
Recent exciting discoveries and developments at the Marie Koopmans De Wet-huis . . . . .	40
Nuwe sekretariesse . . . . .	41
The Old Synagogue in the Gardens, Cape Town . . . . .	43
Ludovicus, een raaisel? . . . . .	44

# Pres. M.T. Steyn geboortehuis: 'n verlore eer word herstel

– Anske Grobler

Met die restourasie van President M.T. Steyn se geboortehuis is 'n belangrike deel van die Voortrekkerkultuur gered. Die Vrystaatse Museumdiens het in hierdie opsig 'n lofwaardige rol gespeel.

Gedurende 9 en 10 Oktober 1979 het duisende mense naby Winburg vergader vir die feestelike opening van die Vrystaatse Voortrekkermuseum en die geboortehuis van pres. M T Steyn. Laasgenoemde twee vorm nou 'n pragtige eenheid met die imposante Voortrekkermonument wat in 1968 ingewy is.

Die geboortehuis van President M T Steyn (sowat 'n honderd meter skuins agter die Voortrekkermuseum) is die jongste toevoeging tot die drie, en in eie reg, 'n baie besondere kultuurhistoriese skat.

Maar, eers iets rondom dié Vrystaatse president se geboorte.

## 'n President word gebore

Die kleine Marthinus Theunis Steyn is gebore op 2 Oktober 1857 in 'n tydperk toe die Republiek van die Oranje-Vrystaat self nog in sy kinderskoene was. Dié jong Republiek het pas sy vierde verjaarsdag gevier en die aanslae op die wydverspreide Voortrekkers was tweeledig: aan die een kant was daar die roofsug van die swartes en aan die ander kant die wild en roofdiere wat toe nog op die Vrystaatse vlaktes gewemel het.

W W Collins vertel in sy boek "Free Statia", hoe sy vader in 1851 as posmeester nie toegelaat was om die pos na Colesberg later as vierur in die middag te laat vertrek nie, uit vrees vir die leeus in die nabijheid.<sup>1</sup>

M T Steyn is gebore op die pioniersplaas, Rietfontein, ongeveer drie kilometer van Winburg af. Op die dag van sy geboorte was sy vader (Marthinus Steyn) nie tuis nie. Hy moes na Swellendam om boedelsake van sy eie vader, wat in die middel van dieselfde jaar oorlede is, te gaan reg maak. Sy vrou, Cecilia Johanna, is toevertrou aan die goeie sorg van haar suster en swaer, Gertruida en Theunis Wessels. By sy tuiskoms na 'n drie maande lange reis, was Marthinus Steyn 'n mooi fris seuntjie ryker. (Hy was sy vierde kind en tweede seun). Aanvanklik is besluit om die seuntjie na sy vader te vernoem, maar, omdat Theunis Wessels en sy vrou die moeder en suigeling met soveel liefde en opoffering versorg het, is besluit om die oom óók te vernoem. Vandaar die Theunis. In die jare wat gevolg het, sou sy familie hom altyd op sy tweede naam noem.<sup>2</sup>

Theunis het op Rietfontein (wat eintlik die eiendom van sy tantes Gertruida en Cornelia Wessels was – hulle was die dogters van kommandant Wessels) grootgeword, en, soos dit elke goeie Boereseun betaam, het hy elke ooggend vroeg uit die vere gespring om met die boerdery te help. Te midde van al die bedrywighede op 'n boereplaas het hy spoedig die tekens van besondere talente getoon: "Dit was of sijn kop altyd 'n beetjie in die wolke was".<sup>3</sup>

Op negejarige ouderdom het sy ouers hom dan ook na Bloemfontein gestuur om aan die Grey-kollege tot sy sesstiende jaar onderwys te geniet. Aan die einde van sy skoolloopbaan lê hy hom vir 'n kort tydjie op die boerdery toe. In 1877 verlaat hy egter sy vaderland om in Holland in die regte te gaan studeer. Hy voltooi sy studies in Engeland en in 1882 keer hy terug na die Vrystaatse Republiek om as advokaat te praktiseer. In 1889 word hy aangestel as Staatsprokureur en in 1892 as Eerste Strafrechter van die Oranje-Vrystaat.<sup>4</sup>

In 1896 word hy met 'n meerderheid van 6 877 stemme teenoor Fraser se 1 367 en Van der Lingen se 30 stemme as Staatspresident verkieks. In hom het die Republiek die eerste keer 'n President gekry wat in die ware sin van die woord 'n seun van die land was. Hierdie feit het waarskynlik daartoe



Mnr J D Marx, Provinciale Sekretaris van die Vrystaat, ontvang 'n stomende warm brood van die Voortrekkermoeder (mvr Bosman) tydens die ampelike opening van die Steynhuis op 9 Oktober 1979. By hulle staan prof Nienaber.

Prof P J Nienaber, Direkteur van die Vrystaatse Museumdiens, by een van die grafte in die kerkhof op Rietfontein se verf.



bygedra dat hy die karakter en gesindheid van die Vrystaters beter as enige van die vorige presidente geken het en ook kon aanvoel; in krisistye kon hy gevolglik ook beter leiding gee.

### Die geboortehuis van President Steyn

Ongelukkig bestaan daar geen beskrywing of foto's van hoe die huis tydens die geboorte van die President daar uitgesien het nie. Dit was in elk geval 'n verbetering op die oorspronklike Voortrekkerhuse wat hartbees- of kapstylhuse was. Die argitektuur van die huis gee te kenne dat dit betreklik kort voor Steyn se geboorte gebou is. Tydens sy geboorte was Theunis en Gertruida Wessels nog betreklike jonggetroudes en kon hulle dus nie lank op Rietfontein gewoon het nie; waarskynlik sedert ongeveer 1850.<sup>5</sup>

Die woning van die Wesselse was van 'n duursamer aard as die eerste Voortrekkerhuse. Dit is gebou van bewerkte klip en binne was dit met 'n goeddeurtrapte mengsel van klei, hooi en beesmis gepleister. En trou aan die gewoonte van die laat-Voortrekker tydperk (omstreeks 1850), was die vloere ook met 'n klei- en beesmismengsel gesmeer. Op die plekke waar die vloere maklik uitgetrap het – voor die kaggel en in die deurlope – is perskepitte gelê.

Die huise van die meer welgestelde boere (soos die Wesselse en die Steyns in dié geval) het uit drie vertrekke bestaan. Twee middelmure het die huis in 'n hoofslaapkamer, 'n woonkamer en 'n kombuis verdeel. Die minder gegoede boere het van 'n alternatief gebruik gemaak: goedkoop materiaal, soos Duitse sis, is as afskortings gebruik.

Origens was die huisie 'n tipiese voorbeeld van 'n laat-Voortrekker tydwoning. Die effens skuins enkelspan-platdak het uit riete bestaan wat met brakgrond bedek is om brand en waterlekkasies te beperk. Bo-oor die riete is daar later sinkplate geplaas ten einde 'n meer doeltreffende dakbedekking te vorm en om die riete te beskerm. Die lae, gevormde parapet of lys bo-op die voorste muur is 'n bewys van die klassieke invloed wat in die Kaap aan die einde van die agtiende eeu geheers het. Die huis was voorsien van glasvensters. Ja, die boere was toe nie meer nomadiese landelikes nie en glasruite is byvoorbeeld reeds in 1855 in Noord-Transvaal gebruik.<sup>6</sup>

### Restourering van die Steyngeboortehuis

Vir baie jare was die huisie aan die genade van die elemente oorgelaat. Die middelmure is op die een of ander stadium uitgebreek en die huis moes dien as perdestal. Vir dié doel is daar dan ook 'n klipvloer ingesit.

Enkele jare gelede is die waarde van die huis besef, maar het die inisiatief én die fondse vir restourasie ontbreek.

In 1978 het die Vrystaatse Museumdiens besluit om ten alle

koste 'n daadwerklike poging aan te wend om dié kultuur-erfenis te red. Geen moeite is ontsien om presies vas te stel hoe die woning in 1857 daar uitgesien het nie. Dit was gou duidelik dat daar 'n hele aantal veranderings aangebring moes word, en daar is in alle erns aan die werk gespring.

- Die klipvloer is uitgekap en 'n nuwe vloer van miershoop, wat met beesmis gesmeer is, is gegooi.
- Die belangrikste verbetering is sekerlik die heropbouing van die binnemure: twee nuwe rousteenmure is op die oorspronklike plekke gebou. Daarna is hulle met klei gesakkleuster (volgens die outydse resep) en afgewit.
- Perskepitte is weer in die vloer voor die vuurherd en in die deurlope gelê.
- Glasruite is in die vensteropeninge geplaas en die oorspronklike luke is weer donkergroen geverf.
- Die voordeur is ook aangebring waar dit oorspronklik in die Wesselse se huis was.
- En les bes, mooi, vrolike groen gordynntjies is aan riete voor die vensters en in die deuropeninge gehang.

Die "raamwerk" van die oorspronklike Rietfontein-opstal was nou weer in ere herstel en om die huis af te rond, moes gesoek word na meubels wat uit daardie tydperk dateer.

Dit was 'n langdurige proses: die presiese ouderdom en die egtheid van die meubels moes eers bepaal word. Die soektog en die duur daarvan was die moeite werd, want pragtige skenkings is van oraloor in die Vrystaat ontvang.

In die slaapkamer staan 'n pragtige groot ou hemelbed. Sy deken is handgemaak en die twee kussings wat op die bed lê, is met kant omsoom. Naas die bed staan ook 'n tipiese ysterbababedjie met 'n lapkombersie en 'n klein wit driewielbabawaentjie uit die laat-Voortrekker tyd. Die ander meublement in die vertrek dateer ook uit dié tydvak: 'n wastafel, porselein kom en -beker, 'n handgemaakte klerekas en selfs 'n Bybelteks, versier met rose, teen die muur bokant die katel.

Die harmonium in die waskamer dui die plek aan waar die huisgesels elke aand musiek gemaak het na die Boekevat. En op die mahonietafel het die swaar Familiebybel elke aand tydens die huisgodsdienst gelê.


Stap mens die kombuis binne, voel dit meteens of jy teruggeplaas is deur die tyd – dit is weer 1857: die hele kombuis is toegerus met outydse kombuisgereedskap en -artikels. Die koffiemeuleletjies is aan die tafelblad vasgeskroef, outydse telleblanke staan in die rak; die porseleinbreekware getuig van 'n jong huisvroutjie se sorgvuldige bruidsuitset – haar kombuis is haar trots.

En, ja dis asof mens enige oomblik die klap van perdepote en die gerammel van 'n kapkar oor die werf kan hoor aankom . . .

*Die geboortehuis van President M T Steyn van voor. Die middelste venster was aanvanklik 'n deur. Tydens die restourering van die huis is die deur weer op sy oorspronklike plek aangebring.*



*'n Foto wat in 1931 van die plaas Rietfontein geneem is. In die middel (met 'n X gemerk) is die geboortehuis van President Steyn. Die inlaafoto toon hoe die huis van voor gelyk het.*



## Die werf

Wanneer soveel moeite gedoen word om die opstal van 'n pioniersplaas te restoureer, laat mens nie die werf agterweé nie. Navorsing oor die oorspronklike toestand van die werf is gedoen, en die buitegeboue en tuin het weer die nodige aandag gekry wat hulle verdien:

Die beeskraal en kalwerhok naby die huis is weer opgebou, so ook die eendedam en die buitebakoond wat presies volgens die spesifikasies van daardie dae herbou is. Vir die bou van die dorsvloer is die hulp van 'n kenner ingeroep. Senator Attie Marais van Steynsrus het die uitmeetwerk kom doen. En die bouwerk het ook onder sy persoonlike aandag plaasgevind.

Tans word 'n klipmuur om die tuin gebou, net soos dit in 1857 was. Gelukkig lewe die peerbome, die granaatheiining en die vyelaning wat deur die Wesselse self geplant is, nog. Selfs die kruietuin, wat in daardie jare aangele is, bestaan nog vandag. Op die terrein is ook die kerkhof waar die oom van President Steyn, sy vrou (Gertruida) en vier ander lede van die Wessels-gesin ter ruste gelê is.

'n Bakkies- en handpomp is op die werf opgesit en tans word daar nog gesoek na 'n watermeul om by die fontein te plaas.

## Amptelike opening

'n Groot deel van die feesverrigtinge tydens die amptelike opening van die Vrystaatse Voortrekkermuseum en die Steynhuis het rondom laasgenoemde afgespeel.

Veral die laatmiddag van die 9de is aan die geboortehuis van President Steyn gewy: Toe die son begin watertrek in die weste het lede van die Winburgse kultuurvereniging vir 'n pragtige toneeltjie gesorg: die tipiese bedrywighede op 'n pioniersplaas van daardie tyd is voorgesel. Elke lid van die boeregesin was doenig met die een of andere afhangende van ouderdom, geslag en verantwoordelikheid. Die kleiner kindertjies was aan't spele; Ousus het gaan eiers uithaal; die ouer boeties was besig om 'n voorraad koffie met die meuletjie fyn te maal en ook mielies te stamp; Ouma het seep gekook, vader het 'n melkkoei gemelk en moeder het die laaste panetjie stomende "plaasbrood" uit die bakoond gehaal. Mev. E. Bosman, wat die moeder voorgestel het, het 'n pan tuisgebakte brood aan mnr. J D Marx, Provinciale Sekretaris van die Vrystaat, oorhandig.



Die Steynhuis van binne voor dat die middelmure herbou is.

Na die dag se bedrywighede op die werf afgehandel is, is huisgodsdienst gehou. Die kleinseun van President M T Steyn, regter M Steyn, het die Boek van die Heilige Schrifte geleei. Hy het uit dieselfde Bybel gelees as wat sy oupa gedurende die Tweede Vryheidsoorlog op kommando gelees het. En na die gebed is afgesluit met "O God van Jakob" sam met konsertinabegeleiding.

## Bronneverwysings:

<sup>1</sup>N J van der Merwe: Marthinus Theunis Steyn; 'n lewensbeskrywing.

<sup>2</sup>N J van der Merwe: Marthinus Theunis Steyn; 'n lewensbeskrywing.

<sup>3</sup>Die Volksblad (Samessteller): President M T Steyn: Lewe en sterwe van die groot Afrikanerstaatsman.

<sup>4</sup>A Keiser: President Steyn in die krisisjare 1896–1899.

<sup>5</sup>C J P le Roux: President M T Steyn in die Oranje-Vrystaat. (Brosjyre van die Vrystaatse Museumdiens.)

<sup>6</sup>J Walton: Vroeë please en nedersettings in die Oranje-Vrystaat.

## BURGERGRAFTE UIT DIE ANGLO-BOERE-OORLOG

Die grafte van die 5 071 burgers wat in die Anglo-Boereoorlog van 1899–1902 die hoogste offer vir die land en volk gebring het, is oor die hele Republiek vanaf Soutpansberg in die noorde tot so ver as Darling in die suide – in die Kaapprovincie, Natal, Oranje Vrystaat en Transvaal versprei en . . . Waar? Dit is die groot vraag omtrent honderde onbekende grafte. Is daar miskien van die lesers wat hier kan help?


Van die gesnewelde is later deur familiebetrekkinge opgegrawe en in familiekerkhove herbegrave. Van die please het intussen in vreemde hande gevval wat niets gedoen het om die grafte in stand te hou nie. Misken weet iemand van sulke grafte wat onder die Raad se aandag gebring kan word.

Die Burgergrafekomitee beoog om van die losliggende grafte op te grawe en die stoflike oorskotte in

sentrale plekke by 'n passende gedenkteken of in 'n gedenktuin te herbegrave. Voltooide gedenktekens vir die gesnewelde burgers van die omgewing bestaan reeds te Magersfontein, Maitland, Paardeberg, Berg-en-Dal en Bethal. Die gedenkteken ter ere van die 781 burgers wat in die stryd in Natal die lewe gelaat het, word tans op Platrand by Ladysmith opgerig en die wydingsplegtigheid vind op 10 Oktober 1979 plaas. Noord- en Wes-Transvaal, die Oostelike Vrystaat, Noordoos-Kaap en Wes-Kaap en verspreide rondliggende grafte moet nog aan die beurt kom.

– Jaarverslag van die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte, 1 April 1978 – 31 Maart 1978.

(Indien van ons lesers inligting in verband met oorlogsgrafte het, kan u met die Direkteur van die Stigting Simon van der Stel by Posbus 1743, Pretoria 0001 in aanraking kom. Hy sal die inligting oordra aan die Suid-Afrikaanse Raad vir Oorlogsgrafte – Redakteur.



## WHAT SOUTH AFRICA NEEDS IS A LITTLE MORE POWER SHARING.

If the inhabitants of South Africa are bound by anything, it's a desire for economic growth. And if there's a power source that can help them fulfil that desire, it's Escom.

Escom is one of the largest producers of electricity in the world. It generates 90% of the electricity used in South Africa, in fact almost 60% of the electricity used in the entire continent.

But electricity isn't all Escom generates. It contributes to the development of all people in South Africa.

A development that will never be held up by a lack of sufficient power.

Because by the year 2000 its power stations will produce over 4 times the current output. There's one kind of power that every man needs. The power that every man can share in.

The power produced by Escom.  
**ESCOM** — Electricity Supply Commission.



# Conservation and the law

Paper delivered by H Snipelisky at symposium on adaptive restoration and re-cycling of buildings and the conservation of the built environment, held at CSIR Conference Centre, Pretoria on Monday 13 August 1979

## I. The juristic view

In 1943, the eminent American jurist, Roscoe Pound wrote in the Harvard Law Review that "today jurists are having to consider all manner of problems arising from consciousness of new social interests". Jurists are indeed considering such interests. But are these interests being recognised and dealt with by those whose task it is to plan laws, and those whose task it is to make them?

In an article entitled "The Ecological Norm in Law" which appeared in the South African Law Journal in 1975, Professor van Niekerk of the Law Faculty of Natal wrote:

"The sanctity of the human environment today occupies one of the highest rungs in the hierarchy of values to which the law affords its protection".

Professor van Niekerk had in mind the natural environment. Nonetheless, the proposition must hold as good for the urban environment. Well, is this in fact the case?

It is this proposition and the extent to which it reflects the actual position, most particularly, but not only, in South Africa, which I intend to discuss.

Roscoe Pound, in the same article to which I have already referred, which, by the way, was entitled "A Survey of Social Interests", went on to say that in the first instance it is necessary to make an inventory of the social interests in question – pointing out that not one social interest, but a complex harmonising of many, lies behind many legal institutions, doctrines and precepts. Pound then listed five such social interests in his inventory, namely:

1. in the general security;
2. in the security of social institutions;
3. in the general morals;
4. in the conservation of social resources; and
5. in general progress.

By the fourth of these, i.e. the interest in the conservation of social resources, he was referring to the use and conservation of natural resources. This is straight-forward and needs no further exposition.

What is of interest though, is that he divides the fifth – the interest in general progress – into three main forms – an interest in economic progress, an interest in political progress and, thirdly, an interest in cultural progress. About this third category, he comments that: closely connected with it "is a social interest in aesthetic surroundings, which recently has been pressing for legal recognition".

Thus the nature of the problem from the jurists' point of view. What then have the law-makers and planners done about it? Has legal recognition been bestowed upon these social interests – more particularly, insofar as we here today are concerned, the social interests in the natural environment and in our aesthetic surroundings, i.e. the urban environment? And if there has been legal recognition – then to what extent? For, obviously, without the necessary legal machinery, there can be no meaningful conservation, and those of us who care, e.g. about preserving Church Square, may as well be whistling in the dark.

If I may put it somewhat differently from Pound, and perhaps in more immediate terms, there are two broad areas with which conservation must be concerned –

1. Our heritage – which includes matters of an historical, cultural and social nature and thus concerns, inter alia, the built environment; and
2. the natural environment.

And it is by way of these categories that I intend to treat of

the subject.

## II. The natural environment

In South Africa, the only legislation that really relates to conservation of the built environment is the National Monuments Act 28/1969, and conservation is not its underlying purpose if I understand it correctly. The Environmental Planning Act 88/1967, may, perhaps, have some peripheral bearing. The natural environment has been somewhat more fortunate – from absolute necessity if for no other reason. I will deal firstly with the natural environment, and will come to the National Monuments Act later.

The recent appreciation of ecology as an important science has resulted in a considerable development in what may be termed environmental law. Environmental law, however, didn't begin with the new-found interest in ecology. Incidentally, the Oxford Dictionary defines ecology as a branch of science dealing with living organisms in relation to one another and to their surroundings. Man became aware long before that of the need to conserve the environment in his own interests, e.g. possibly the first environmental law which came into existence in South Africa after Union was the Irrigation and Conservation of Water Act 8/1912.

The first environmental laws were aimed at the conservation of natural resources rather than at pollution control. However, the emergence of the science of ecology and the realisation of the compelling need to conserve natural resources and to control pollution (using that word in its widest sense) has led to an awareness of the importance of adequate environmental law and its consequent development. Adequate environmental law is an absolute necessity if man is to secure and maintain a decent environment, both natural and built, and to conserve the earth's natural resources.

As Professor Rabie of Stellenbosch University points out in his book, "South African Environmental Legislation", environmental law does not constitute a separate part of the law in the sense that it contains separate legal principles. He points out that legal provisions relating to the environment are encountered in many conventional fields of law, such as administrative law, constitutional law, criminal law, tax law, the law of delict and jurisprudence. What these provisions have in common therefore, is not so much their special legal character, but the subject of what they regulate. Certain private law remedies have always been available to the victim of pollution. But these do not constitute a proper control of pollution since they only provide for the redress of private interests in favour of specific victims. If no victim qualifies for relief or is willing to institute legal proceedings, the polluter can proceed unchecked.

As it became apparent that the population required protection as a whole, legislation was introduced which was designed to abate nuisances and protect the public health, which did, to some extent, control e.g. air, water, noise and solid waste pollution. Once again, see "South African Environmental Legislation". Professor Rabie is very likely South Africa's foremost authority in this field and I am indebted to him for most of my material regarding the natural environment.

In South Africa today there are quite a number of statutes aimed at protecting the environment and which may be classified as constituting environmental law – e.g. the Mountain Catchment Act 63/1970 which provides for the conservation, use, management and control of land situated in mountain catchment areas; the Soil Conservation Act 76/1969 which

provides for the combating of soil erosion and the conservation of soil and vegetation; the Water Act 54/1956 which deals with water conservation and pollution, and a number of others.

Perhaps the most significant of these statutes is the Environmental Planning Act. This began life in 1967 as the Physical Planning and Utilisation of Resources Act 88/1967, which despite its broad-ranging name, dealt with the establishment of industry and related matters. In 1975 it was substantially amended and re-named the Environmental Planning Act 88/1967, and is intended to regulate environmental planning on a national scale. This act is administered by the Department of Planning and the Environment which seeks to co-ordinate the activities of the many central, provincial and local government departments that are concerned with environmental laws. The Environmental Planning Act also deals with the reservation and planning of land use – important aspects of conservation.

The number and variety of laws that can be categorised as environmental and the multiplicity of bodies charged with the control of pollution and the conservation of natural resources seem to indicate the need for some form of overriding co-ordinating organisation. This has been done in the U.S.A. by means of the National Environmental Policy Act of 1970 (hereafter called Nepa). It may be instructive to consider the structure of Nepa.

Nepa is intended to provide United States federal agencies with a legislative mandate and responsibility to consider the consequences of their actions on the environment. Its basic purpose is to provide a national policy which will bring about harmony between man and his environment and the Act requires the Federal Government to make use of all practicable means and measures to create and maintain conditions in which man and nature can exist in productive harmony. The Act sets out certain specific goals towards which this general policy is aimed which it is worth enumerating. These are to:

- “1. fulfill the responsibilities of each generation as trustee of the environment for succeeding generations;
2. assure for all Americans safe, healthful, productive, and aesthetically and culturally pleasing surroundings;
3. attain the widest range of beneficial uses of the environment without degradation, risk to health or safety, or other undesirable and unintended consequences;
4. preserve important historic, cultural, and natural aspects of our national heritage, and maintain, wherever possible, an environment which supports diversity, and variety of individual choice;
5. achieve a balance between population and resource which will permit high standards of living and wide sharing of life's amenities; and
6. enhance the quality of renewable resources and approach the maximum attainable recycling of depletable resources.”

The Act also declares that each person should enjoy a healthful environment and that each person has a responsibility to contribute to the preservation and enhancement of the environment.

Nepa also provides, most significantly, that federal agencies must include in every recommendation or report on proposals for legislation and other major federal actions materially affecting the quality of the environment, a detailed environmental impact study.

I was interested to read recently that at a seminar held in Pretoria on the subject of “Shaping our Environment”, proposals were made by a team headed by the Johannesburg City Engineer for the legislative requirement of a report similar to an environmental impact study to accompany plans for any project potentially damaging to the environment.

### III. The built environment

Insofar as the conservation of the built environment is concerned, there is really only one law of any relevance in South Africa – the National Monuments Act 28/1969. It was amended this year by the National Monuments Amendment Act

35/1979. The National Monuments Act established the National Monuments Council, an examination of whose powers, functions and duties gives an indication of the scope and purposes of the Act. Apart from the usual, such as the power to invest and borrow money and similar powers, the significant ones are:

- “(a) to make such recommendations as may be required to be made in order to enable the Minister to exercise any of his powers under this Act;
- (b) at the request of the Minister, to investigate and report on–
  - (i) any matter relating to a monument;
  - (ii) the desirability of declaring anything to be a national monument;
  - (iii) any application for a State subsidy in respect of the purchase, restoration or maintenance of a monument;
- (c) by notice in the Gazette provisionally to declare any immovable property described in such notice and in respect of which the council is investigating the desirability of recommending it to be declared a national monument, to be a national monument, or by like notice to withdraw any such notice;”
- “(f) to preserve, repair or restore anything declared or provisionally declared under this Act to be a national monument, if it is under the control of the council or, if it is not under the control of the council, if the owner consents thereto: Provided that if the owner fails to maintain properly any monument, the council may, with the concurrence of the Minister, after reasonable notice to such owner, take such steps as may be necessary for the maintenance thereof;”.

The Act also deals with the declaration of wrecks on the sea-shore around our coasts as monuments and prohibits, inter alia, the destruction, excavation, alteration or export of:

- (a) any meteorite or fossil; or
- (b) any drawing or painting on stone or a petroglyph known or commonly believed to have been executed by Bushmen; or
- (c) any drawing or painting on stone or a petroglyph known or commonly believed to have been executed by any other people who inhabited or visited the Republic before the settlement of the Europeans at the Cape; or
- (d) any implement, ornament or structure known or commonly believed to have been made, used or erected by people referred to in paragraphs (b) and (c); or
- (e) the anthropological or archaeological contents of graves, caves, rock shelters, middens, shell mounds or other sites used by such people; or
- (f) any other archaeological or palaeontological finds, material or object.

In practise the National Monuments Council is not very effective, in that ultimately power rests with the Minister of National Education, now called, I think, the Minister of National Culture, acting in certain instances in consultation with the Minister of Finance. It lacks funds and in practice this has proved a major obstacle to fulfilling even its limited role. Finally, the Act is not intended to achieve, and is not concerned with, conservation of the built environment save insofar as it may incidentally achieve this end in protecting national monuments. It is, therefore, singularly inadequate as an instrument for the conservation of the built environment.

In other countries far more comprehensive and effective legislation exists. England, for example, has an Historic Buildings and Ancient Monuments Act. But it also has a separate act concerned with conservation in the much broader sense, namely the Town and Country Planning Act of 1971. Between these Acts and other legislation such as the Local Authorities (Historic Buildings) Act of 1962, not only are historic and other worthwhile buildings protected, but so are entire areas called “conservation areas”. Buildings are listed and may not be demolished save with official consent, which, judged by the procedures to be followed, cannot be too

easily obtained. Local authorities appear to play a considerable role in the implementation and administration of this legislation. Some extracts from the Town and Country Planning Act 1971 will give an indication:

"277. *Designation of conservation areas.*

- (1) Every local planning authority shall from time to time determine which parts of their area are areas of special architectural or historic interest the character or appearance of which it is desirable to preserve or enhance, and shall designate such areas as conservation areas.
- (2) It shall be the duty of a local planning authority, within such period as the Secretary of State may from time to time direct, to review the past exercise of functions under this section and to determine whether any parts or any further parts of their area should be designated as conservation areas; and, if they so determine, they shall designate those parts accordingly.
- (3) ...
- (4) The Secretary of State may from time to time, after consultation with a local planning authority, determine that any part of the authority's area which is not for the time being designated as a conservation area is an area of special architectural or historic interest the character or appearance of which it is desirable to preserve or enhance; and, if he so determines, he may designate that part as a conservation area."

Thus both local authorities and the relevant minister are charged with duties regarding conservation.

Similar legislation providing for the listing of worthwhile buildings and their preservation exists in other countries – notably Holland. Having given one example, however, not much purpose will be served in going into details of the legislation in other countries.

There are other potential means for the achievement of conservation of the built environment – e.g. some form of relief from rates and taxes. A branch of administrative law, such as

town-planning schemes, would seem to offer an appropriate vehicle for some form of contribution towards conservation. Appropriate measures could be written into town-planning schemes and administered by the relevant local authority.

Finally a method which has been tried with, I believe, some success in the United States, deserves consideration. That is the system of Transfer of Development Rights.

A development right is the right of an owner to develop his property in accordance with the town planning scheme applicable where the land is situated. The important elements of this right are the zoning right, i.e. the use to which the land may legitimately be put, and the permissible bulk, i.e. the extent to which the prescribed permissible uses may be developed on the property.

The rights described and development rights generally are valuable, but, as the law presently stands, unmarketable and unrealisable. The concept of the transfer of development rights is that the law should be amended in such a way as to permit the marketing and realisation of the rights with the object that an owner of property for which conservation was ordained would be able to transfer his development rights, e.g. in exchange for a monetary consideration to the owner of the property which did not enjoy such rights, and in consequence of which its desired development was impermissible. The system of transfer of development rights is undoubtedly complicated and would require a very thorough study of its operation abroad before being introduced. However, it does seem worthy of consideration.

It has been my intention also to give you some indication of what environmental law is about and of what environmental law actually exists in South Africa.

I am sure that you will not have failed to perceive that insofar as conservation of the built environment is concerned, we must virtually start at the beginning. In this regard, I have sought to make a few suggestions as to what can and should be done and hope that I have given you some constructive ideas to think about.

## DIE MAAK VAN VANSLEWE SE MISVLOER

Uit beskikbare inligting en navraag onder die ouer garde blyk dit dat misvloere op verskillende maniere gemaak is. Dit het verskil van plek tot plek, en het afgehang van die soort grond beskikbaar en die bekomaarheid van beesmis.

Nadat die huis gebou is moes daar gewoonlik oppulling gedoen word om die vloere gelyk te maak. Dit is gedoen deur klei wat vooraf goed gebrei is. In sommige gevalle is dit vir 'n dag of twee kort-kort deurgewerk om goed "ingesuur" te word. Soms is daar selfs 'n *klein* hoeveelheid beesmis bygevoeg om bindkrag te gee. Water is altyd bygevoeg sodat die klei nie te droog word nie. Die klei moet redelik styf wees as dit gebruik word en selfs vasgestamp word. Na 'n paar dae vertoon die kleivloer kraak en dit is dan wanneer die vloer gesmeer word met die beesmismengsel.


Die mengsel is gemaak van beesmis gemeng met 'n klein hoeveelheid grond, wat dan "ingesuur" is vir 'n dag of wat. Die insuring moenie te lank aanhou nie, anders word die mengsel groen en ruik dan baie sleg. Daar is soms ook "slangkop" ('n soort bolplant), afgeroomde melk, of gom van bome bygevoeg om die mengsel te bind en die vloer sterk te maak. Die as van gras wat gebrand is, is soms bygevoeg om die vloer donkerder of swart te kleur. Die mengsel is altyd met die hand aan die vloer gesmeer,

en soms het hulle verskillende patronen met die vingers op die vloer gemaak.

Die beesmis van beeste wat op die veld loop moet gebruik word en nie mis van beeste wat met kragvoer gevoer word nie. Die meel in die kragvoer verter nie ten volle nie, dit ruik sleg en daar is nie genoeg growwigheid in wat kan bind nie. Vir die perskepitvloer is die vloer berei met klei soos hierbo beskryf, die pitte word in die nat klei ingedruk sodat die klei dit stewig vashou. Daar is ook dikwels mooi patronen met die pitte gepak. Dikwels is net die dele wat die meeste verkeer dra met die perskepitte uitgepak.

1. Waar mis nie beskikbaar was nie, is die vloer net weer met slapper klei gesmeer om die pitte goed vas te kry en die barsies toe te maak. Soms is die vloer ook met 'n mengsel van paraffien en kerswas gesmeer. Dit het die vloer hard en glad gemaak en het blink vertoon.
2. Waar mis beskikbaar was is die vloer gesmeer met mis en 'n klein hoeveelheid grond wat ook vooraf goed gemeng en "ingesuur" is. Soos reeds gesê het die resep van streek tot streek van persoon tot persoon verskil, afhangende van omstandighede.

*Deur Piet van der Merwe van die Nasionale Museum, Bloemfontein soos beskryf in die Kultuurhistoriese Nuusbrief, Bulletin 79, Vol 5 no 1.*



## THE DAY YOU REALISE THAT RETIREMENT COULD BE FUN WE'D LIKE TO BE YOUR BANK.

A planned retirement means a fantastic opportunity for you to get stuck into life. To do the things you've always wanted to do. And to help you get there comfortably we'd like to be your bank.

If you're forty-five right now, that's fine.

If you're twenty-five, that's even better.

We've developed a whole range of

investment plans specifically designed to give you a guaranteed income when you retire. The kind of income that will really set you free. Plus the complete peace of mind you get from knowing that your money couldn't be in safer hands.

From Tax Free Shares to Standard Bank Fixed Deposits to Retirement Annuities.

**Standard Bank**  
The Standard Bank of South Africa Limited  
(Registered Commercial Bank)

But don't try and make up your mind right now. Just call in at your nearest Standard Bank and let's discuss all that's available and what's best for you.

You'll find that knowing you will be retiring in comfort is a very comforting thought.

And to make sure that your retirement is everything you want it to be, we'd like to be your bank.

# Restourasie van die oudste bekende woonhuis in Suid-Afrika

– C de Jong

Die oudste bekende huis in Suid-Afrika is die sogenaamde Post Huys (poshuis) te Muizenberg by Kaapstad soos die historikus Marian Robertson onlangs vasgestel het. Anglo American Properties van Johannesburg het die huis in 1978 gekoop met die doel om moontlik mettertyd 'n woonstelgebou daar op te rig. Mevrou Eve van der Bijl, 'n makelaars in onroerende goed te Muizenberg, het die aandag van Marian Robertson op die hoë ouderdom van 'n deel van die huis gevrestig. Sy het dadelik gesien dat die deel uit die 17de eeu dateer en in die Akteskantoor te Kaapstad vasgestel dat die huis voorheen Het Post Huys geheet het. Dit is in 1673 opgerig in die smal strook tussen die Steenberg en die see as 'n militêre waghuis met die doel om die pad vanaf Valsbaai na Tafelberg te bewaak asook die sinjaalpos op die Steenberg te beman. Vanaf die pos kon skepe in Valsbaai waargeneem en die Kasteel in Kaapstad ingelig word, want reeds in 1672 het oorlog weereens tussen Brittanje en Frankryk uitgebreek en moes die Kasteel rekening hou met moontlike vyandelike aksie vanuit Valsbaai.

Die waghuis het drie kamers bevat wat ongeveer ewe groot is. Die middelste kamer word betree vanaf die stoep wat deels uit treetjies bestaan. Die aangrensende suidelike kamer het waarskynlik as offisiersverblyf gedien, terwyl die noordelike kamer die manskappe gehuisves het. Die mure is besonder dik en gebou van plaaslike gemaakte stene. Die dak was waarskynlik van gras of riet.

Het Post Huys het mettertyd gedurende die neëntiende eeu as Stegman Rus bekend geword en is omstreeks 1915 gekoop deur die goudmynnagnaat J B Robinson. Die omgewing van Muizenberg het in daardie tyd 'n ontspanningsoord vir die rykes geword; Cecil Rhodes het daar 'n buitehuis gekoop, Robinson, sy lewenslange mededinger, het sy voorbeeld gevolg, terwyl die welvarende Italiaanse familie, Labia, 'n villa besit het wat aan die Post Huys gegrens het.

Na die vasstelling van Stegman Rus se ouderdom het Anglo American besluit om dit te herstel na die vorm van die oorspronklike Post Huys en die gerestoureerde gebou aan Suid-Afrika aan te bied as 'n passende geskenk by die herdenking van die 300-jarige bestaan van die Kasteel. Dit is mooi gebaar. Ten tye van die skryf van hierdie artikel is daar nog nie uitsluitsel gegee waaroor die Post Huys voortaan gebruik sal word nie, maar miskien sal dit 'n museum word.

Die restourasie het in September 1979 begin en moet vóór 1980 voltooi word. Ek het die huis op 25 September 1979 besoek. Omstreeks 1929 is die stoep oordek en is 'n tweede huis agter die ou woning aangebou. Beide aanbousels is tydens die restourasie afgebreek en die grasdak sal die sinkdak vervang. Ek het gesien, hoe die stoepdak gesloop is, terwyl vondste soos potskerwe, spykers en ander los goed in plasiessake bymekaar gemaak is om mettertyd aan die Universiteit van Stellenbosch onderzoek te word.

Het Post Huys is 'n beskeie monument, maar as die oudste bekende woonhuis in Suid-Afrika met 'n pragtige ligging aan Valsbaai 'n waardevolle geskenk van Anglo American aan die nasie. Die dorp Muizenberg besit reeds 'n historiese monument in die vorm van buitehuis van Rhodes en sal nou 'n unieke monument in die Post Huys ryker word.





Foto van Stegmans Rus, latere naam van Het Post Huys, aan die hoofpad deur Muizenberg by Kaapstad. Die groot huis bo die dak van Stegmans Rus is die villa van die familie Labia, terwyl die berg as Steenberg bekend is.  
Foto: Anglo-American Corporation of South Africa.

Argitektekening van die gerestoureerde Post Huys te Muizenberg soos dit in 1980 oopgestel sal word.  
Foto: Anglo-American Corporation of South Africa.



(N.S. Die restourasiewerk aan die Post Huys is intussen vertraag en daar is eers onlangs daarmee begin. Daar word gehoop dat dit spoedig voltooi sal word – Redakteur.)

# Anglo to restore oldest house in the country

The following background information with regard to De Post Huys was supplied by Anglo American and must be read in conjunction with Dr De Jong's article.

Anglo American Corporation is to restore and donate to the nation the oldest existing house in South Africa which was recently discovered in Muizenberg.

The building is De Post Huys, a signal blockhouse built as an observation post controlling False Bay and which was completed in 1673, a year before the Castle in Cape Town was occupied.

Now known as "Stegman's Rus" and situated fifty metres from Muizenberg Station on the main road, the building's history is closely linked to the early history of the Castle and its restoration will be Anglo American's contribution to the 300th anniversary celebrations of the Castle.

It is the second major project of this kind to be undertaken by Anglo American in the Western Cape with the first being the restoration of the historic manor house, Boschendal, in the Groot-Drakenstein Valley near Simondium in 1976.

Restoration of the building will start in January and will be carried out by Cape Town architects Munnik, Visser, Black and Fish who previous work on the restoration of Cape Dutch houses has included, Nova Constantia, the Drostdy at Graaf-Reinet, the Herbert Baker cottages at Stellenbosch, 14 Keerom Street and the Sendinggestig building in Cape Town.

They have also undertaken the architectural research which determined the great age and authenticity of the building. The original building was a small, three roomed house with a stoep but it was greatly enlarged by alterations in the 18th century and more recently in 1929 which effectively hid its antiquity so that only very recently was its history first suspected and then confirmed by historical and architectural research.

Enough of the original building remains for it to be restored authentically. The work will take approximately five months and will involve removing all the later additions to get back to the original 1673 structure.

Preliminary examination is taking place at present to establish the material used in the original construction so they can be duplicated and also to find evidence for shapes, sizes and positions of the original doors which have been changed by the alterations.

The history of the building has been established by extensive research carried out by Marian Robertson, a Cape Town historian and writer who first noticed the unique features of part of the building after her attention was drawn to them by Mrs Eve Dowling, a Muizenberg estate agent. Marian then approached Anglo American which owned the site.

De Post Huys was built because of concern for the defence of the Cape following the outbreak of war between Holland and France and England in 1672. In particular the Cape Colony was vulnerable to an attack from the unguarded

False Bay area.

From De Post Huys there is a clear view over the False Bay area and in fact standing on the stoep one is virtually level with the entrance to the Bay. It is also below a high peak of the Steenberg Mountain from which signal fires or flags could be seen from several miles away and relayed to Cape Town.

The building is strategically sited on the narrowest point between the mountains and the coast and commands the pass through Muizenberg to the interior from False Bay.

Documents researched by Marian Robertson show that a ship, the Goutvinck, left Cape Town for False Bay in January 1673 with instructions to build a Signal Station. It returned after 12 weeks which provided sufficient time to build and thatch the house.

Gradually the area around De Post Huys was changed from a lookout post to a defensive position and a map of 1786 shows the building had been extended sometime previously by the addition of a kitchen and that a barracks had been built nearby.

Sir J B Robinson lived there from around 1915 to 1917 when he moved to his Wynberg house Hawthorndene, and he continued to use the house as a seaside cottage until his death in 1929. It seems likely that the house acquired its present name, "Stegman's Rus" from a tenant prior to J B Robinson. In 1929 it became the property of a William Louis Leon by Crown Grant No 45/1929 and he made considerable alterations and additions including the demolition of the kitchen section at the back. Architectural plans for these renovations exist.

Features which revealed the great age of the front wing of the present building were the extreme thickness of the walls which were 760 mm thick for the external wall compared with the normal 18th century practice of 550 mm including the plaster.

The four windows in the front rooms have old frames which conform in thickness to common Cape practice of the period from 1700 to 1820. The windows also conformed in width to the size of the glass panes of the period which were highly standardised. The window frames are placed nearly flush with the outer face of the wall and have heavy timber lintels on the interior, once again conforming with architectural practice of the time.

Once restored the house will be handed over by Anglo American to a responsible authority for the safeguarding of its future. It will be done in a similar way to which the restored Boschendal was handed over to the Rhodes National Heritage Trust. Advice is being sought at present from all interested bodies on the future of De Post Huys.

"In Suid-Afrika is seker al geboue bewaar en tot monumente verklaar waarvan die argitektoniese of kultuur-historiese verdienste nie besonder hoog was nie, terwyl ander wat juis om hierdie verdienstes onthalwe behoue moes bly, onder die sloper se gereedskap verdwyn het. Dit loon dus dat ons liefs aan

die versigtige kant moet wees. As ons bewaar wat nie veel verdienste het nie, sondig ons nie maar as ons andersom handel, is dit onvergeeflik."

*Sy Edele, mnr W A Cruywagen, Administrateur van Transvaal, in die Transvaalse Provinciale Raad op 21 Februarie 1980.*

# Prof. J.J. Oberholster†

Die nuus dat die Direkteur van die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede, prof J J Oberholster, onverwags op 13 Februarie 1980 oorlede is, het vir alle bewaringsliefhebbers as 'n skok gekom.



Hy het as jong student by die Universiteit van Stellenbosch ingeskryf waar hy in 1947 sy doktorsgraad behaal het. Die volgende jaar aanvaar hy 'n betrekking as dosent aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat waar hy in 1964 tot hoogleraar bevorder word.

Benewens sy werk as dosent het prof Oberholster ook op verskeie rade en kommissies gedien, onder andere op die Raad van die Akademie, die Argiefkommissie en die bestuur van die Historiese Vereniging.

Uit sy pen het talle boeke en publikasies verskyn waarvan die standaardwerk in verband met geproklameerde gedenkwaardighede, *Die Historiese Monumente van Suid-Afrika*, waarskynlik die bekendste is. Voorts het hy ook 'n vername rol gespeel in die redigering van die *Christiaan De Wet-annale*.

Prof Oberholster was ook 29 jaar lank lid van die Raad van Nasionale Gedenkwaardighede – die langste wat 'n bepaalde persoon nog lid van die Raad was. Na sy aftrede as hoogleraar aan die einde van 1976 is hy aangestel as die eerste Direkteur van die RNG.

Die Stigting het in baie van sy bedrywighede nou saamgewerk met prof Oberholster en het met sy oorlye 'n goeie vriend verloor. Graag wil ons hiermee die Stigting se opregte meegevoel betuig teenoor mev Oberholster.

Prof Oberholster sou as gasspreker optree by die jaarvergadering van die Kaapse streekkomitee op 21 Februarie 1980. Ten tye van sy dood was sy toespraak reeds voorberei en omdat dit so aktueel is, is dit 'n besondere voorreg om dit hier te publiseer.

## SOEKLIK OP BEWARING – 1980

Ek dank u baie hartlik vir hierdie geleentheid om die Stigting Simon van der Stel by hierdie besondere vergadering toe te spreek en ek wil u graag verseker dat ek dit as 'n groot eer beskou.

Nadat ek tale temas wat met ons werk verband hou, oorweeg het, het ek besluit om hier aan die begin van 'n nuwe era in u bestaan en aan die einde van my termyn, die soeklig net vir 'n oomblik op die stand van bewaring in Suid-Afrika te laat val. Vanselfsprekend is die spektrum van so 'n opname so omvattend dat daar in die tyd tot my besikking, slegs maar flits op die belangrikste aspekte van ons groot taak gewerf kan word.

As 'n mens in die midde van die stryd staan – en dames en here moenie dat ons hieroor enige illusies hé nie, dit is 'n stryd – kan ons dikwels vanweé die bome nie die bos sien nie en is ons geneig om slegs ons mislukkings te tel. Maar enige objektiewe waarnemer sal moet erken dat daar vordering gemaak is, veral in die afgelope tien jaar, en daarom sal u vind dat ek in hierdie opname altyd eers die positiewe en slegs daarna die negatiewe sal beklemtoon. Só 'n opgawe van bates en laste is noodsaaklik om 'n getroue balansstaat te kan opstel, want 'n eensydige beklemtoning van ons bates mag ons oormoedig maak, terwyl 'n oordrewe klem op ons laste ons aan 'n bankrot-psigose mag laat ly.

## Geestesgesteldheid

In die bewaringsaksie lê daar twee belangrike elemente: eerstens die geestesgesteldheid van die Suid-Afrikaner, sy organisasies en sy instellings; en tweedens die materiële bewaringsprestasies. Eintlik is die twee onafsekeidbaar met mekaar verbonde, trouens daar is 'n voortdurende wisselwerking tussen hulle: sonder die geestelike ingesteldheid kan die materiële bewaring maar slegs 'n oppervlakkige, kunsmatige routineproses wees, en sonder laasgenoemde kan daar ook geen stimulus vir 'n gunstige geestestoestand wees nie. Hoewel nou so intrinsiek verbonde, moet u my tog toelaat om hulle van mekaar los te maak.

Onder geestesgesteldheid verstaan ek 'n bewustheid by ons gemeenskap van die *betekenis* van die bewaring van ons erfenis, d.w.s. 'n bewuste besef dat aan die een kant bewaring die onderbou is tot die identiteit van ons land en volkere, dat dit die visuele getuienis is van die prestasies, oorwinnings en neerlae en dus die spoorslag tot ons vaderlands liefde en -trots, en aan die ander kant dat die *gebrek* aan bewaring 'n nivellerings-, 'n gelykmakingsproses in die hand werk wat jou volkome hul identiteit ontneem en hulle maklike slagoffers van die internasionalisme maak.

## Openbare mening

As ons van die *Suid-Afrikaner* praat, besef ons al dadelik dat ons hier met 'n plurale gemeenskap te doen het en dat die geestesgesteldheid t.o.v. bewaring in intensiteit en gerigtheid van volk tot volk verskil. Ek bepaal my tot die aanvaarde verdeling van Blank en Nie-Blank.

Binne die Blanke-gemeenskap is daar die breë verdeling van Engels- en Afrikaanssprekende. Om te sê dat die een meer en die ander minder bewaringsbewus is, is gewaagd, want ons het hier te doen met streeksverskille en dit hang in 'n groot mate af van getalsterkte van die volksbestanddele.

Globaal gespouse kan gesê word dat daar in die afgelope dekade byna 'n revolusie in die denke, die geestesgesteldheid van Blanke Suid-Afrikaners t.o.v. bewaring plaasgevind het. Dit

is nie slegs die geval met bedryfs-, gemeenskaps- en godsdiestige leiers nie, maar met boere en die gewone man. Bewyse hiervoor is o.a. te vind in die talle private organisasies wat hulle direk of indirek met bewaring bemoei. 'n Pertinent voorbeeld is die reaksie van die boere van Ladysmith onlangs op die aanklag van Abraham de Vries dat hulle toelaat dat ou plaashuise verval en die platteland ontsier. Hulle beskou sy kritiek as positief en is bereid om 'n bydrae te lewer tot die herstel van ou wonings. Die kampvegters vir bewaring het dus t.o.v. die openbare mening onteenseglik 'n groot getal bonus-lopies behaal. Die eer hiervoor kom veral dié Stigting toe, maar die openbare media verdien besondere dank vir hul bydrae.

Ten opsigte van die *Nie-Blanke* moet onderskei word tussen die Swartes, die Kleurlinge en die Indiërs. Besoek aan die Tuislande het getoon dat daar by die Swart Suid-Afrikaner wel 'n gevoel bestaan vir bewaring, hoewel veel meer Swartgerig: voorvaderlike grafe, grotte, slagvelde, en so meer. Hierdie gevoel het in die geval van die Tuislande reeds uiting gevind in die stigting van bewaringsliggame.

Die Kleurling, veral in die Wes-Kaap, het op veel erfenis aanspraak te maak: die ou sendingstasies, die vissersdorpies en hul woonbuurtes by stede en dorpe, is elk 'n juweel van volksboukuns. Aan hierdie plekke is hulle heilig verbonde soos maar alte duidelik blyk uit die gevalle Distrik-Ses en die Maleierbuurt. Hulle is ook hoogs ontsteld oor die verval van 'n plek soos Mamre. Maar in sy stryd om 'n bestaan en omdat die Blanke die bewaring sy verantwoordelikheid gemaak het, het die Kleurling slegs by uitsondering sy bewussyn tot behoud in dade omgesit.

Ook by die Indiërs is daar 'n bewaringsbewustheid, maar dit is selfgerig en hou veral verband met hul godsdiens – moskees en tempels.

Nieteenstaande al hierdie bemoedigende tekens is daar egter nog by die groot persentasie van ons bevolking 'n geestesgesteldheid wat wissel van onkundigheid tot onverskilligheid tot openlike antipatie teenoor bewaring. Onder hulle tel diegene by wie die Suid-Afrikaanse erfenis nooit enige weerklink sal vind nie, andere by wie die erfenis 'n struikelblok tot selfverryking is en nog andere wat onder die vaandel van ontwikkeling alles wat heilig is, vertrap.

### Amptelike bestuursinstellings

In 'n demokraties-geordende gemeenskap moet die geestesgesteldheid van die breë publiek sy neerslag in die amptelike of formele bestuursinstellings vind, m.a.w. ons moet 'n aanduiding kan kry van die betrokkenheid van die sentrale regering, die provinsiale en die plaaslike administrasies. Omdat hierdie instellings wetmakend sowel as uitvoerend is, moet ons in ons kursoriële opname nie slegs kennis neem van hul geestesingesteldheid nie, maar ook van hul daadwerklike meedoenaan bewaring.

### Parlement

Indien die dieploof nou allereers by die *Parlement* ingegooi word, is dit opmerklik dat daar 'n permanente werkgroep van lede bestaan wat bewaring periodiek onder beredening bring. Die onbetwiste getuienis vir sywoord en daad is egter in sy debatte geleë. 'n Studie van hierdie debatte sedert 1911 toon 'n klimmende belangstelling van bykans zero tot verlede jaar se uitvoerige bespreking van die amendamente op die Wet vir Nasionale Gedenkwaardighede. Aan die debat in die Volksraad en Senaat het sprekers van alle partye deelgeneem. Politieke verskille het hier geen rol gespeel nie. Daar was volkome konsensus.

Wanneer dit nou egter by die *daad* kom, ontbreek dit tog aan spierkrag. Die Amendamente op die Wet verleen nog nie die tande aan die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede om bewaring 'n aktualiteit te maak nie. Daar is 'n oorgevoeligheid dat die Raad ten behoeve van bewaring op die staats- en privaatbesit en veral op die prerogatiewe van ander instansies sal oortree. Ook wanneer dit by die begroting kom, is daar 'n skroomvalligheid wat van bewaring byna 'n embarrassement maak.

Die uitvoering van die parlementêre wette is egter die taak van die staatsdepartemente en in die geval van nasionale gedenkwaardighede die Departement van Nasionale Opvoeding. In die afgelope jare en veral in die onmiddellike verlede het die Minister en die Sekretaris besondere bemoeiings met bewaring gemaak deur, o.m., sy Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede van 'n Direkteur, met 'n bestaanbare salaris, te voorsien, sy personeel uit te brei en sy toelaag bykans te verdubbel.

Naas die Departement van Nasionale Opvoeding is die departemente van Openbare Werke, Gemeenskapsbou, Beplanning, Toerisme, Vervoer en Bosbou direk by bewaring betrokke. Laasgenoemde het self 'n amendament in sy wet aangebring waardeur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede Wildernisgebiede tot gedenkwaardighede kan verklaar. Hierdie departemente is natuurlik aan hul opdragte gebonde, maar 'n omskrywe van die vorige Eerste Minister, mnr. B.J. Vorster, dat geen *ou* gebou gesloop mag word, alvorens die R.N.G. nie geraadpleeg is nie, het by hierdie departemente 'n groter bewustheid vir bewaring gebring. Persoonlike kontak tussen die bewaringsliggame en die departemente het ook 'n besonder gunstige reaksie uitgelok sodat dit lyk asof bewaring binne hul opdrag 'n nis gevind het. As voorbeeld dien die lofwaardige hantering van die Waenhuiskrans-behuisingprojek deur Gemeenskapsbou na pleidooie deur die R.N.G.

### Provincial

Probably the greatest advance in the field of preservation has been made on the level of the provincial administrations. The Cape Provincial Administration has restored a number buildings. These buildings are situated all over the province and what is more – appropriate use has been found for all of them. A liaison between the National Monuments Council and the Administrator and his Department of Works and Nature Preservation has been established and a mutual understanding and friendly co-operation have been built up. The Natal Provincial Administration has on its own accord put forward an agreement of co-operation with the National Monuments Council that may well serve as a blue-print to other provinces, departments and bodies involved in preservation.

*Inter alia* the Province agrees to assist the National Monuments Council with inspections, minor maintenance, signposting, access, register of buildings, advice, storage facilities, etc., etc. In the Orange Free State almost a million rand have been spent on the restoration of the Old Raadzaal in Bloemfontein and the Landdrost-offices in Kroonstad.

In the Transvaal much have been achieved, but the main attention has been riveted to Pelgrim's Rest. The unhappy dispute about Church Square is, however, threatening to bedevil relations on the whole preservation front.

### Divisional Council

On the level of the administrations of Divisional Councils in the Cape Province the approach varies from sincere enlightened preservation in the Western Province to sheer indifference in the far interior.

### Municipal

To my mind, however, the ACHILLES HEEL of preservation in South Africa lies with the body municipal. It is within their limits that we find the oldest and most picturesque folk-buildings, houses representative of bygone architectural styles, churches, official buildings and squares. More important, the total image of our cities and towns is the face of South Africa. Against the background of South Africa's beautiful natural environment this is a remarkable face full of character and integrity. The keepers of this face are the municipalities, and although we do not doubt their ability to do so, as amongst others Stellenbosch has proved, the following warning by the United Municipal Executive and circulated to all municipalities and divisional Councils surely fans a wind that does not blow preservation any good: "... that local authorities should be very careful in asking

for, or agreeing to, the declaration of properties owned by them as national monuments because such declaration effectively freezes the use of the property and inevitably causes tremendous difficulty and delay when it is required for development works of the local authority. It was suggested that local authorities as responsible institutions were quite capable of taking care of properties which need to be preserved."

### Practical profits and losses

The combined efforts of the National Monuments Council, the Simon van der Stel Foundation, the Historic Homes of South Africa Limited, the Institute of S.A. Architects, the Rand Afrikaans University, the Universities of the Orange Free State and Port Elizabeth as well as the numerous local foundations have achieved far more than is generally realized.

Firstly, they have succeeded in cataloguing many buildings in Cape Town, Port Elizabeth, Johannesburg, the Orange Free State and in many towns over the Republic. The survey and study of Dutch Reformed Churches in South Africa by Prof. Kestner of P.E. is also a remarkable achievement.

Secondly, over eleven hundred sites and buildings have been preserved by proclamation, and

Thirdly, probably over a thousand buildings under the supervision of the Department of Public Works are fairly safe.

On the other side, the backlog is so vast that it is doubted whether it would ever be possible to stem the tide of decay, demolition and wilful destruction.

Firstly, before any systematic and scientific preservation can be affected, a survey or catalogue of all worthwhile buildings must be made;

Secondly, the buildings that have been preserved have been proclaimed individually and with the exception of Dorp Street in Stellenbosch, Church Street in Tulbagh and the Donkin Terrace in Port Elizabeth, they do not lend a specific identity to a town or city. We must therefore come to the preservation of complexes and areas.

Thirdly, the missionary posts throughout South Africa have a particular history, identity, significance and charm, and they must be preserved.

Fourthly, in each province there is a predominance of buildings in the same style – in the Cape the Cape Dutch and Karoo-houses, in the Orange Free State the magnificent sandstone buildings, in Natal and Transvaal the Victorian and corrugated iron buildings. A special effort to preserve as many of these as possible is absolutely imperative if we want to retain the varied but true South African image.

### The role of the preservation bodies

In an effort to remedy the mental state of the public as well as of officialdom towards preservation and to catch up with the backlog the bodies responsible for preservation must search their own hearts. Primarily any successful attempt poses two conditions:

*One*: the task is so vast that there is no place for infighting or tribal war. Co-ordination and co-operation must be the watch words and to achieve this the objectives of the various bodies must be clearly defined and regular consultation between them must be maintained.

*Two*: The assistance and co-operation of all state departments, provincial and local administrations, Institute of Architects, universities and all organisations involved in preservation must not only be welcomed, but must be systematically cultivated. To do this successfully we must develop our own bodies into a commanding situation in the field of preservation so that we can negotiate from position of strength and not of weakness.

Mnr. die President, dames en here, hierdie kort opname het geblyk vir myself van betekenis te wees insoverre as wat dit my perspektief gegee het, die grondslag tot nuwe beplanning gelê het en bowenalles my nuwe moed vir die toekoms gegee het. Mag dit ook vir u daardie betekenis hê en mag ek u 'n voorspoedige jaar toewens.

## Lewenslede/Life members

Die volgende lewenslede het tot 25 Februarie 1980 gereageer op die oproep van die Nasionale Voorsitter om hulle ledegelede te verhoog. (Indien u wel reageer het en u naam verskyn nie op die lys nie moet u asseblief onmiddellik met die Direkteur in verbinding tree.)

The following life members reacted to the request of the National Chairman to augment their membership fees up to 25 February 1980. (If you had reacted but your name does not appear on the list, please contact the Director immediately).

Afrikaans Hoër Seunskool, Pretoria  
Albertyn Edms Bpk C F, Stellenbosch  
Alexandria VLV-tak, Zuney  
Aliwal Noord VLV, Aliwal Noord  
Allison J, Rosebank Cape  
Anderson P H, Johannesburg  
Anglo Transvaal Consolidated Investment Ltd, Johannesburg  
Arndt dr E H D, Pretoria  
Badenhorst J F P, Boksburg  
Bam S G M, Pretoria

Bamford F H Y, Johannesburg  
Barrett mrs G W, Kenilworth  
Bennetts B J E, Wynberg Cape  
Berger dr Marcia, Elgin  
Blignaut J H, Pretoria  
Boësken dr Anna J, Kaapstad  
Bond van Oud-Studente van die UP, Pretoria  
Bos K, Pretoria  
Bosman dr F C L, Pretoria  
Botha Theron & Kriste, Pretoria

Bradshaw J R, Germiston  
 Breen L E, Claremont  
 Bromley-Gans J M, Parkhurst  
 Bruin mev J de, Mosselbaai  
 Bührmann dr M V, Gansbaai  
 Bull prof A B, Rondebosch  
 Byl D G van der, Irene  
 Claassens dr H J H, Kaapstad  
 Clapham G B, Constantia  
 Coertze dr L I, George  
 Coetzer W H, Johannesburg  
 Conradie A M, Marshalltown  
 Cooper dr S B, Rondebosch  
 Corder B K, Rondebosch  
 Crews B H, Constantia  
 Dekker H P, Lynnwood Pretoria  
 Diemont Regter M A, Kaapstad  
 Duminy J A, Kaapstad  
 Duminy prof J P, Kenilworth  
 Elof C F, Pretoria  
 Engelbrecht dr J A, Kaapstad  
 Esterhuyse J S, Nuweland  
 Fatti mev L M, Greystown  
 Feitelson dr Z, Cape Town  
 Fourie L W, Pretoria  
 Friedland B, Cape Town  
 Furley C G D, Claremont  
 Gans R, Johannesburg  
 Getz A, Pretoria  
 Grant miss M J, St James  
 Hall Regter C G, Robertson  
 Hall D W V, Johannesburg  
 Hamilton A M, Pretoria  
 Hart miss E M, Middelburg CP  
 Harvey miss J M, Wynberg  
 Hennenman VLU-tak, Hennenman  
 Henshilwood miss N G, Kommetjie  
 Hewitson T, Newlands  
 Heyns J H, Goodwood  
 Hiemstra Regter V G, Mafeking  
 Hill T E B, Seven Oaks Natal  
 Hoogenhout I M, Gordonsbaai  
 Hopefield W A A, Hopefield  
 Institute of SA Architects, Braamfontein  
 Jamieson A R, Rivonia  
 Jardine miss J, Cape Town  
 Jooste D D, Constantia  
 Jooste G P, Pretoria  
 Joubert P, Wellington  
 Joubert dr P J E, Pretoria  
 Vroue Landbouvereniging Kaapprovisie, Stellenbosch  
 Kaapstadse Afrikaanse Sakekamer, Kaapstad  
 Kamieskroon sekondêre skool, Kamieskroon  
 Kroonstad VLU, Kroonstad  
 Lawrence mrs M, Link Hills Natal  
 Lewis A C, Johannesburg  
 Long-Innes E G, Scotsville  
 Louw mej J M, Pretoria  
 Louw prof T H, Pretoria  
 Luyt Sr R E, Rondebosch  
 Maggs Investments (Pty) Ltd Charles, Constantia  
 Malherbe S P van B, Franschhoek  
 Malherbe mev W, Nuweland  
 Malkiel-Shapiro dr B, Johannesburg  
 Mallows Louw Hoffe and Orme, Vlaeberg  
 Marais mej C C E, De Doorns  
 Marais dr O A S, Klerksdorp  
 Markotter mev I E, Pretoria  
 Mathews C W, Warmbad  
 Meijer mev R A, Pretoria  
 Mellish F C B, Newlands  
 Meyer E T, Johannesburg  
 Moorreesburg NG Kerk, Moorreesburg  
 Muller dr H, Pretoria

Murray mrs E, Verwoerdburg  
 Murray I M, Hout Bay  
 Mackintosh mrs B, Johannesburg  
 McLachlan A J, Pietermaritzburg  
 Norris R F, Mowbray  
 Ogilvie mrs A R, Pietermaritzburg  
 Osler G C, Stellenbosch  
 Pearce F O, East London  
 Pierneef VLU, Pretoria  
 Plessis dr W C du, Pretoria  
 Pooley miss B A, Pietermaritzburg  
 Potchefstroomse Afrikaanse Taal- en Kultuurbond, Potchefstroom  
 Preller D S, Kaapstad  
 Pretorius G R, Kaapstad  
 Pretorius M P, Pretoria  
 Pretorius W S, Stellenbosch  
 Pysden A G, Germiston  
 Raats J I, Pretoria  
 Ratchford miss P, Rondebosch  
 Rawdon D D, Stellenbosch  
 Reek C, Pretoria  
 Reekie T, Johannesburg  
 Reynders prof H J J, Pretoria  
 Rheeder mev A S, Rondebosch  
 Richmond VLU, Richmond  
 Riemland VLU, Bethlehem  
 Rodger miss M, Glencairn  
 Rodger G, Glencairn  
 Rooyen P du P van, Port Elizabeth  
 Roux P J, Pretoria  
 Rutowitz R, Pretoria  
 Sacco G, Johannesburg  
 Schaik J L van (Edms) Bpk, Pretoria  
 Scheffer J, Pretoria  
 Schutte dr J H T, Johannesburg  
 Schwellnus mev S E, Pretoria  
 Searle prof C, Pretoria  
 Semmelink J, Pretoria  
 Smeaton I G B, Kearsney Natal  
 Sole D B, Washington  
 South African Museum, Cape Town  
 Stellenbosch Universiteit van, Stellenbosch  
 Stevenson dr R E, Pietermaritzburg  
 Steyn H M, Potchefstroom  
 Strand VLV, Faure  
 Straszacker dr R L, Benmore  
 Taylor mrs D E, Stellenbosch  
 Teiger dr A, Johannesburg  
 Theron S, Klein-Drakenstein  
 Transvalse Vroue Landbou-Unie, Pretoria  
 Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria  
 Unsgaard mrs J M, Cape Town  
 Verdoorn dr I C, Pretoria  
 Jan Viljoen Hoër Tegniese skool, Randfontein  
 Villiers mej E de, Stellenbosch  
 Volkswagen of South Africa Limited  
 Vorster der P W, Pretoria  
 Waal prof H L de, Pretoria  
 Waal G M van der, Johannesburg  
 Walt prof S P van der, Potchefstroom  
 Waring F W, Sea Point  
 Wentzel mev J J, Hartbeespoort  
 Wessels prof W H, Bloemfontein  
 Whitehead G D, Montclair  
 Whytock I Y S, Sandton  
 Wollheim dr O D da Fonseca, Newlands  
 Wyk van, de Vries, Malan en Steyn, Johannesburg  
 Wyk A C van, Stellenbosch  
 Zijl Regter J W van, Kaapstad  
 Zinderen Bakker E M van, Bloemfontein  
 Zyl J J B van, Pretoria  
 Zyl dr M C van, Pretoria

# The Cape Chair - a survey

- Gwen Mills

An exhibition of Cape chairs at the South African National Gallery, Cape Town to commemorate the tercentenary of the Castle (1679-1979) was opened by Mrs Tini Vorster in March 1979. The exhibition included 46 fine examples of Cape chairs drawn from private homes of friends of the Rhodes National Heritage Trust (Anglo American Corporation of S.A.) under the chairmanship of Mr Willem Héfer.

The exhibition demonstrated the development of the Cape chair from the late 17th century to the early Victorian era. As a background to the collection and its history a selection of water-colours rarely seen at the Gallery of the Cape Peninsula countryside between 1840-1889 was hung.

C. 1740

*Tulbagh Chair, early version. Wide centre splat richly carved in a scroll design or type of foliated ornament. Baluster-turned legs, box-stretcher, caned seat. Stinkwood.*

Lent by Mrs F W F Purcell



Within the compass of the exhibition it was possible to depict only some of the many outstanding Cape chairs privately owned. The exhibition was a pictorial analysis of Cape chairs. It was a study of the evolution of chairs in their immense variety of form and technique, closely associated with the social and historical story of the Cape Colony, founded by the D.E.I.C. in 1652.

In his introduction to the well-illustrated catalogue, the Director of the Gallery - Dr Raymund van Niekerk wrote "The S.A. National Gallery is happy to house this delightful exhibition of Cape Chairs. They are witnesses to the taste of many generations and to the sensitivity of our forefathers to

C. 1750

*Side chair, shaped back rail, plain vase-shaped centre splat, cabriole legs with carved shell design on knee, cane seat, claw-and-ball feet. Stinkwood.*

Lent By Sir de Villiers and Lady Graaff



changing styles in Europe. As examples of fine craftsmanship they demonstrate a sense of refinement and an assiduous striving for high standards. What emerges is a picture of the desire for elegant and gracious interiors to match the distinction of the fine architecture of the early Cape."

Jan van Riebeek's Journal (1652–1662) the first book written on South African soil has no record of furniture. The Cape Colony was under the rule of the D.E.I.C. (1652–1795) and chairs in this period would have been the prototype of those in the Netherlands.

The second category included types of chairs popular in France and Holland during the rule of Louis XV (1715–1774) and Louis XVI (1774–1795). The French prototype followed at the Cape in the 18th century and these Louis XV chairs have come to be called "Huguenot". This is not a true name as the Huguenots arrived at the Cape in 1688. The Cape Louis XV 'tub' chairs are perhaps the best known of Cape furniture.

The third category is associated with the prosperity in the Colony in the second half of the 18th century and early 19th century. This prosperity was reflected in furniture and architectural design. By 1780 the neo-Classical superseded the Baroque-roccoco styles. Chairs acquired tapered legs (sometimes with an inlay), straight-sided seats and an important open-work splat framed between the top and bottom rails.

C. 1760

Armchair, shield-shaped back and seat, carved top and seat rail. Curved H-stretcher, cabriole legs. Stinkwood.

Lent by Dr Rose Mullne



C. 1720

Corner chair "cot" type. Heavy back panels, loose caned seatframe, baluster-turned legs, box-stretcher. Stinkwood and beefwood.

Lent by Mr and Mrs H A C Bairnsfather Cloete

C. 1780

Armchair, shield-shaped back, caned seat and back, cabriole legs, curving H-stretcher. A bead is carried along the frame of back. Stinkwood.

Lent by Dr Rose Mullne





C. 1760

*Neo-Classical chair. Late 18th century. An openwork slat is framed between the top and bottom rails at the back.*  
*A fine Cape chair, centre slat with fine carved openwork design repeated below cabled arm supports, shaped top rail, cane seat, wavy X-stretcher tying four tapered legs.*

Lent by Mrs F W F Purcell

19th C. chairs

*Konsistorie or Kerkstoels*

*Chairs in this category date to the second quarter of the 19th Century. When these chairs ceased to be used in churches, they returned to the homes of the owners. Many Kerkstoel were marked with their owner's name.*  
*Church chairs of stinkwood inscribed with the owner's name.*

Lent by Mr David Preller



Another category is associated with the occupation of the Cape by the British in 1806. In England this was the time of the Georges (1714–1830) and the Regency (1810–1830) and saw the advent of the great designers. Easy access to the European pattern books and a strong English cultural example influenced the design of Cape chairs.

Town furniture followed a degree of sophisticated imitation and conception influenced by the Governor's furniture. Variety and design of chairs to conform to the prevailing vogue was affected by information brought by travellers, the transfer of company officials, imported chairs and current European furniture design-books.

The standard of taste in Holland, France and England and the countries associated with the settlement of the Cape Colony was exceptionally high. Dutch rule ended in 1806.

The 17th century at the Cape was an age of utility. The kist was probably the earliest piece of furniture. Stools, benches and roughly-made trestle tables would late have been made by the Free Burghers who adapted raw materials to their needs. The Governor's chair, later that of his Council and

19th C.

*Armchair plain top and bottom rail, three centre slats, arm supports curving outwards, square tapered legs, cane seat. Stinkwood*

Lent by Mr Basil Bennets





*Armchair, half-way rail with bow-tie or cameo motif, reeded back rail and arm supports which are joined to turned front legs by a pear-shaped piece. Mainly stinkwood (Second quarter, 19th century).*

From collection at "Westoe", Mowbray

higher officials of the Company regarded in this age as a symbol of authority would have been the prototype of authority – the prototype of the classical Netherlands chair of the 17th century.

Craftsmen from Europe in the employ of the D.E.I.C. or slaves from the vast Netherlands East-Indies, Ceylon and Batavia, adapted their skills to the varieties of indigenous woods available at the Cape but their craft retained individuality. No Cape chair carries a preponderance of ornamentation. Their exceptional interest is their distinguished simplicity.

In order to assess intellectually the decorative as well as the functional aspect of Cape chairs, they must be related to their past. The development of Cape chair design, whether products of the city or examples from outlying districts with local differences, is linked with the social history and growth of the Cape Colony.

Cape furniture and allied arts are part of the story of Cape-Dutch architecture. Both are steadily yielding the secrets of their past. Reliable identification of Cape furniture is made on the evidence of a stylistic analogy based on historical European examples.

The principal timbers used were the incomparable indigenous woods of the Cape particularly the hardwoods – Stinkwood and Yellowwood. Later timbers such as Amboyna, Ebony, Coromandel, Satinwood, Beefwood and Teak. These woods make an important contribution to the character of Cape chairs. They were largely used for inlays in furniture.

Many questions remain posed and unanswered in respect of Cape furniture. This uncertainty and the inability to make definite pronouncements, combined with the recognised formal simplicity of Cape chairs, is their strongest appeal.

Mrs Gwen M Mills thanks The Cape Argus and Mr A Grundlingh – official photographer at the S.A. National Gallery – for providing the photographs.

## *results show . . .*



THE S.A. CULTURAL HISTORY MUSEUM, CAPE TOWN DECEMBER 1979

# ingram & co. decorators

136, LOWER MAIN ROAD, OBSERVATORY, CAPE TOWN    TEL. 558104/5

# Stigting Simon van der Stel

Kennisgewing van die 21ste jaarlikse algemene vergadering van lede van die Stigting Simon van der Stel wat gehou sal word by die Nasionale Museum, Aliwalstraat 36, Bloemfontein op Saterdag 19 April 1980 om 08h30.

## AGENDA

1. OPENING
2. BYWONING
  - 2.1 Aanwesiges
  - 2.2 Gaste
  - 2.3 Verskonings
  - 2.4 Volmagte
  - 2.5 Kworum
3. NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADE-RING VAN 31 MAART 1979
  - 3.1 Goedkeuring
  - 3.2 Sake uit die notule
4. VERSLAG VAN DIE NASIONALE VOORSITTER
  - 4.1 Bespreking
  - 4.2 Aanvaarding van die jaarverslag

5. OUDITEURSVERSLAG EN FINANSIELE STATE
  - 5.1 Bespreking
  - 5.2 Aanvaarding
6. AANSTELLING VAN OUDITEURE VIR 1980
7. MOSIES EN VOORSTELLE
  - 7.1 In verband met prosedure  
Mnr S G J van Niekerk, LV, stel voor dat:  
(Sien Bylaag 1 van die agenda)
  - 7.2 Wysigings van die Statute  
Die Nasionale Raad stel voor dat die statute as volg gewysig word:  
(Sien Bylaag 2 van die agenda)
  - 7.3 Ander voorstelle
8. VERKIESING VAN NASIONALE RAADSLEDE IN DIE PLEK VAN DIEGENE WAT AFTREE
9. VERSLAE VAN STREEKKOMITEES
10. ALGEMENE JAARVERGADERING 1981: PLEK EN DATUM
11. AFSLUITING

(Ten einde koste te bespaar sal die jaarverslag, ensovoorts voortaan jaarliks op 'n roterende grondslag in Afrikaans en Engels gepubliseer word.)  
(To save costs the annual report, etc will in future be published annually alternatively in Afrikaans and English.)

## BYLAES TOT DIE AGENDA

1. Mnr S G J van Niekerk, LV, stel voor dat:
  - (a) Die Stigting verbind hom om in die uitvoering van sy bewaringsaksie binne die perke van statutêre voor-skrifte te beweeg en om nie openbare agitasie te voer teen owerheids- of ander besluite nie, met dien verstande dat hy sal voortgaan om langs die weg van onderhandeling en oorreding heroorweging te probeer verkry van aansoeke wat geweier word.
  - (b) Geen amptenaar of ampsdraer van die Stigting mag enige vertoë namens die Stigting voer sonder spesifieke opdrag van die Stigting nie. Wanneer beslissings oor sulke vertoë gegee word, mag verdere vertoë nie sonder spesifieke opdrag gerig word nie.
2. **Wysigings van die Statute**  
Die Nasionale Raad stel voor dat die Statute as volg gewysig word:
  - 2.1 *Stemgeregtige lede:* Dat die volgende klousule as 3.2.7 by die statute bygevoeg word: Egpaarlede, synde man-en-vrou-lede wat eenmalig 'n bedrag van R120,00 betaal het of jaargelde teen R12,00 per egpaar per jaar.  
EN  
Dat die volgende klousule as 3.2.8 by die Statute bygevoeg word: Studente, synde persone wat voltydse inge-

- skreve studente aan universiteite, technikons, onder-wyserskolleges en tegniese kolleges is.
- 2.2 *Samestelling van die Raad*  
Dat Artikel 5.1 Samestelling van die Raad geskrap en deur die volgende artikel vervang word:
  - 5.1 *Samestelling van die Raad*  
Die Raad van die Stigting bestaan uit minstens elf en op die meeste dertien lede wat as volg saamgestel word:  
Nasionale Voorsitter  
Nasionale Ondervoorsitter  
EN  
een raadslid wat genomineer word deur elke streek-komitee met vyftig of meer lede in die betrokke streek, tot 'n maksimum van vier (4) raadslede vir die Westelike Provincie; een (1) raadslid vir die Oostelike Provincie; drie (3) raadslede vir Transvaal; een (1) raadslid vir die Oranje-Vrystaat; een (1) raadslid vir Natal; een (1) raadslid vir Suidwes-Afrika.  
Indien daar op enige tydstip nie voldoende kwalifi-serende streekkomitees bestaan om voorsiening te maak vir bogenoemde verteenwoordiging nie mag

die Raad raadslede nomineer om die bestaande vakaturen te vul.

Indien meer as vier streekkomitees in die Westelike Provinsie, meer as drie in Transvaal en meer as een in Natal, Oranje-Vrystaat, Suidwes-Afrika of die Oostelike Provinsie gestig word, sal die koördinerende komitee van die betrokke streek op 'n roterende grondslag aanbeveel watter streek komitee 'n raadslid mag benoem.

Die Nasionale Voorsitter en die Nasionale-Ondervoorsitter mag, maar hoef nie, uit die bogenoemde raadslede gekies word tydens die jaarlikse algemene jaarvergadering en hulle mag ook afkomstig wees van enige provinsie van die Republiek van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika.

### 2.3 *Termyn*

Dat Artikel 5.2 *Termyn* geskrap en deur die volgende artikel vervang word:

#### 5.2 *Termyn*

5.2.1 Tydens die jaarlikse algemene jaarvergadering sal ongeveer een-derde van die Raadslede aftree.

5.2.2 Die Raadslede wat jaarliks aftree, sal diegene wees wat die langste dien sedert hulle aanvanklik verkie is. Betreffende Raadslede wat op dieselfde dag verkie is sal diegene wat moet aftree deur die lot aangewys word tensy hulle onderling tot 'n ooreenkoms kom.

5.2.3 'n Raadslid wat aftree kan herkies word.

### 2.4 *Verkiesing*

Dat Artikel 5.3 *Verkiesing* geskrap en deur die volgende artikel vervang word:

#### 5.3 *Verkiesing*

Vakature op die Raad word met 'n meerderheidstem verkies deur die aanwesige stemgeregtigde lede van die Stigting of hulle gevollmachtigdes tydens die jaarlikse algemene jaarvergadering met dien verstande dat elke genomineerde 'n streekkomitee verteenwoordig. Waar streekkomitees nie bestaan of 'n nominasie gemaak het nie kan die Raad die Raadslede vir sulke streke benoem.

### 2.5 *Kworum*

Dat Artikel 5.5 *Kworum* geskrap en deur die volgende artikel vervang word:

#### 5.5 *Kworum*

Ses lede van die Raad, persoonlik teenwoordig of verteenwoordig deur 'n sekundus, vorm 'n kworum.

### 2.6 *Streke*

Dat 'n Artikel 5.7 *Streke* by die statute gevoeg word wat as volg lui:

#### 5.7 *Streke*

Daar sal ses streke van die Stigting wees. Die name van hierdie ses streke tesame met die geografiese gebiede waaroor hulle jurisdiksie sal hé is as volg:

- 1 Transvaalstreek – binne die provinsie van Transvaal;
- 2 Oranje-Vrystaat – binne die provinsie van die Oranje-Vrystaat;
- 3 Natalstreek – binne die provinsie van Natal;
- 4 Suidwes-Afrikastreek – binne die gebied van Suidwes-Afrika;
- 5 Westelike Provinsiestreek en
- 6 Oostelike Provinsiestreek.

Die Raad kan die aantal streke vermeerder of verminder, die gebiede bepaal waaroor die vergrote of verkleinde streke jurisdiksie uitoefen en mag ook die grense van bestaande streke wysig.

Enige gebied van enige tuisland wat binne 'n streek geleë is, sal beskou word as deel van daardie streek.

### 2.7 *Streekkomitee*

Dat 'n Artikel 5.8 *Streekkomitee* by die statute gevoeg

word wat as volg lui:

#### 5.8 *Streekkomitee*

'n Streekkomitee is 'n komitee wat gekies is deur lede van die Stigting en verteenwoordig 'n sekere geografiese gebied van die Republiek van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika. Die stigting en grense van 'n streekkomitee sal van tyd tot tyd deur die Raad goedgekeur word.

### 2.8 *Koördinerende Komitee*

Dat 'n Artikel 5.9 *Koördinerende Komitee* by die statute gevoeg word wat as volg lui:

#### 5.9 *Koördinerende Komitee*

In geografiese gebiede waar die getal streekkomitees dit regverdig, kan 'n koördinerende komitee gestig word met die goedkeuring van die Nasionale Raad. Sodanige komitee sal bestaan uit nie meer as drie (3) verteenwoordigers van elke streekkomitee nie; sake bespreek wat van algemene belang vir die Stigting is en, indien nodig, aanbevelings maak aan die onderskeie streekkomitees.

### 2.9 *Kennisgewing*

Dat Artikel 11.3 *Kennisgewing* gewysig word om as volg te lui:

#### 11.3 *Kennisgewing*

Kennisgewings aangaande algemene vergaderings, vergesel van 'n agenda, moet minstens veertien dae vooraf aan lede gestuur word, of in die geval van die algemene jaarvergadering of van 'n algemene vergadering vir die neem van 'n spesiale besluit, minstens 21 dae.

In die geval van vergaderings vir die neem van spesiale besluite moet in die agenda die strekking en uitwerking van die bedoelde spesiale besluit gemeld word.

### 2.10 *Kworum*

Dat Artikel 11.6 *Kworum* gewysig word om as volg te lui:

#### 11.6 *Kworum*

Geen sake word op 'n algemene vergadering behandel nie, tensy 'n kworum van 25 lede persoonlik, of in die geval van 'n vergadering vir die neem van 'n spesiale besluit, 25 van die stemgeregtigde lede van die vereniging, aanwesig is op die tydstip waarop die vergadering met sy sake begin.

Indien binne 'n halfuur na die tyd vir die vergadering aangewys, 'n kworum nie aanwesig is nie, word die vergadering, indien belê op 'n aanvraag van lede, ontbind. In enige ander geval word die vergadering verdaag na 'n dag nie vroeër as sewe dae en nie later nie as een-en-twintig dae na die datum van die vergadering en indien by so vergadering 'n kworum nie aanwesig is nie, is die lede wat persoonlik aanwesig is, 'n kworum.

### 2.11 *Gevolmagtigdes*

Dat Artikel 1.7 *Gevolmagtigdes* gewysig word om as volg te lees:

#### 11.7 *Gevolmagtigdes*

'n Stemgeregtigde lid mag hom laat verteenwoordig deur 'n ander lid indien hy 'n behoorlike voltooide volmagvorm indien. Sodanige volmag, voldaan op die Vereniging se amptelike vorm, of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif van so 'n volmag, moet die Vereniging se geregistreerde kantoor minstens 5 dae voor die tyd vir die hou van die vergadering bereik. By versuim hiervan is die volmag nie geldig nie. Volmagte verval na afloop van die vergadering, of die uitgestelde vergadering waarvoor dit bedoel is. Gevolmagtigdes kan alleen stem waar 'n stemming per stembriefies gevorder word.

# **Jaarverslag van die Nasionale Voorsitter van die Stigting Simon van der Stel vir die boekjaar 1 Januarie 1979 tot 31 Desember 1979**

Lede van die Stigting Simon van der Stel, Dames en Here,

Ons is baie bly dat die Stigting se jaarvergadering in die hoofstad van die Oranje-Vrystaat kan plaasvind. Ons wil die plaaslike streekkomitee hartlik bedank vir die uitnodiging en vir al die reëlings wat deur hulle getref moes word. Graag wil ek u almal hartlik verwelkom by hierdie 21ste jaarvergadering van die Stigting. Die Stigting is in 1959 in die lewe geroep en is dus vanjaar 21 jaar oud. Ons sal nog daaraan moet dink hoe ons ons mondigwording kan vier.

Ons is ook baie bly dat die jaarvergadering so gereël kan word dat dit saamval met die onthulling van die geskiedkundige teëlpantele uit die Anglo-Boereoorlog in die Nasionale Oorlogsmuseum van die twee Boererepublieke deur Sy Edele die Eerste Minister hier in Bloemfontein op 18 April 1980. Dit is veral paslik dat hy die teëls moes onthul, want dit was deur hom as Minister van Verdediging dat die Regering die teëls aangekoop het van die Stigting met die doel om hulle in die voorportaal van die beplande verdedigingshoofkwartiere aan die mure aan te bring. Hy het die Stigting verlede jaar weer gehelp deurdat die Regering onderneem het om die volle koste van R6 870,00 vir die vervaardiging vir die ontbrekende 110 teëls aan die Stigting te vergoed. Nou het hy weer as Eerste Minister ingestem dat die teëls tydelik aan die Nasionale Oorlogsmuseum geleen word totdat die nuwe verdedigingshoofkwartiere in Pretoria gereed is.

Toe die Stigting verlede jaar op Stellenbosch vergader het kon ons meld van die gestadigde verbetering in ons finansiële posisie, maar ons was nog glad nie uit die woud nie, want ons het nog R32 069,00 aan verskillende banke geskuld, terwyl die uitstaande krediteure R3 762,00 bedra het. Op 31 Desember 1979 was die posisie baie gunstiger. Ons het 'n krediet van R16 470,00 in die spaarbank gehad, terwyl die uitstaande krediteure R1 416,74 bedra het.

Hierdie verbetering in ons finansiële posisie is te danke aan eerstens 'n bydrae van R10 000,00 deur mnr H. Oppenheimer uit die Voorsitter se fonds van die Anglo-American Corporation. Dit is verblydend dat hierdie groot finansiële instelling soveel belangstelling het in die bewaring van ons erfenis vir die nageslag.

Tweedens het ek vasgestel dat die Stigting ongeveer 1 900 lewenslede het wat, net soos ek, aangesluit het met 'n eenmalige betaling van £10 of R20. Die rente op die bedrag is vandag nie eers genoeg om ons jaarverslag te laat druk nie. Ek het toe in 'n omsendbrief aan al ons lewenslede gevra dat hulle, as hulle kan, hulle lewenslidmaatskap tot R75,00, die huidige bedrag, aanvul of om ons nog R180,00 te stuur en daardeur te kwalifiseer as donateurlede. Dit is werklik verblydend om te kan meld dat die Stigting R13 994,00 tot 31 Desember 1979 in antwoord op hierdie brief ontvang het en ek heg 'n lys van al die bydraes wat ons ontvang het hierby aan. Aan al die lewenslede wens ek my hartlike dank oor te dra. As dit nie vir hul gulde bydraes was nie sou die Stigting moontlik reeds weer in die rooi gewees het.

Die belangrikste taak wat deur die Stigting gedurende die afgelope jaar aangepas is, is seker die stryd om die behoud van die Wesfasade van Kerkplein, Pretoria. Gedurende Februarie 1979 het ek verneem dat die Kerkpleinkomitee wat deur die Regering volgens Wet Nr 53 van 1972 in die lewe geroep is, besluit het dat die drie geboue van die Wesfasade, die ou Nederlandse Bankgebou, die Law Chambersgebou en die Café Riché deur die Transvaalse Provincie gesloop kan word. Ek het myself onmiddellik in 'n baie moeilike posisie bevind.

Aan die een kant het ek baie geskok gevoel, want ek het verneem dat die Kerkpleinkomitee vroeër besluit het dat die hele Wesfasade as 'n geheel behandel moes word. Die Poskantoor het reeds aangedui dat hulle die noordelike deel van die Wesfasade gaan bewaar en toe volg die besluit van die Kerkpleinkomitee oor die suidelike deel.

Ek was bang om as waarnemende direkteur self die voortou te neem vir die behoud van die suidelike deel, omdat die destydse Administrateur van Transvaal my in 1975 gebel het en geëis het dat die Stigting die destydse direkteur, mnr Willem Punt, verbied om die voortou te neem met die agitasie vir die behoud van die Wesfasade. Hy het my daarop gewys dat die Provincie die Stigting help met die verhuur van die kantore in die Ou Raadsaal aan die Stigting en verder dat die Provinciale Raad R10 000,00 per jaar bydra vir die instandhouding van Oom Paul se woonplaas, Boekenhoutfontein. Ek was verplig om 'n verklaring aan SAPA te oorhandig dat die Raad van die Stigting die Direkteur opdrag gegee het om nie in sy amptelike hoedanigheid aan die agitasie deel te neem nie.

Wetende wat die standpunt van die gewese Administrateur was en bewus van die finansiële posisie van die Stigting wat nie toegelaat het dat ek die risiko loop dat die Provincie teen die Stigting optree nie, het ek gevoel dat ek nie die voortou kon neem in 'n hernieuwe poging om die Wesfasade te red nie. Daarom het ek mnr Abramowitch van die SA Instituut van Argitekte in Johannesburg gebel en gevra of sy Instituut nie 'n onderhou kan aanvra met Sy Edele die Eerste Minister nie. Hy was dadelik gewillig en het my gevra om 'n brief in die gees aan hom te rig. Dit het ek onmiddellik gedoen.

Ongeveer 'n week later kom die gewese Administrateur by my op kantoor by die Stigting met 'n afskrif van my brief aan mnr Abramowitch. Dit is later vasgestel dat mnr Abramowitch vertroulike afskrifte van my brief aan alle lede van die Komitee vir Bewaring van ou Geboue van die Suid-Afrikaanse Instituut van Argitekte gestuur het met 'n agenda vir 'n vergadering van die komitee. Een van die komiteelede het sy afskrif aan die Administrateur oorhandig.

Die Administrateur deel my toe mee dat hy beswaar maak daarteen dat ek as voorsitter van die Stigting die brief aan die Instituut gerig het. Hy het nie beswaar dat ek in my persoonlike hoedanigheid so 'n brief rig nie. Ek het hom verseker dat ek dit in my persoonlike hoedanigheid opgestel het, maar dat my sekretaresse dit inderhaas op die offisiële papier van die Stigting getik het. Daar was ook soveel haas met die saak dat ek dit nie wou vertraag deur die brief te laat oortik nie. Hy het dit aanvaar en gevra dat ek dit skriftelik bevestig en ook mnr Abramowitch sou inlig. Mnr Abramowitch het onderneem om dit in 'n brief aan die Administrateur te bevestig. Ek het gemeen dat die saak nou geskik was, maar ongelukkig het die gewese Administrateur die saak in die sitting van die Provinciale Raad op 4 Junie 1979 weer te berde gebring met 'n verbete aanval op my by welke geleentheid hy ook die gewraakte vertroulike brief van my aan mnr Abramowitch voorgelees het.

Tydens die besoek van die gewese Administrateur by my op kantoor het ek hom meegedeel dat ek 'n persoonlike onderhou met Sy Edele die Eerste Minister, mnr P W Botha in verband met die bewaring van die Wesfasade aangevra het. Die Eerste Minister het my verwys na Sy Edele die Minister van Openbare Werke, mnr Le Grange. Die onderhou het op 27 Maart 1979 plaasgevind. Ons onder-voorsitter, mnr Frans Conradi LV, en die direkteur van die Raad vir Nasionale

Gedenkwaardighede, wyle prof J J Oberholster, het my vergesel. Ek het die Minister daarop gewys dat Eerste Minister B J Vorster in 1969 'n omsendbrief uitgestuur het om te gelas dat geen staatsgebou gesloop mag word alvorens die historiese waarde daarvan nie vasgestel is nie. Dit is nooit in verband met die Wesfasade gedoen nie. Tweedens besit die Transvaal baie min historiese geboue en daarom kan ons dit nie bekostig om die drie historiese geboue op Kerkplein te verloor nie. Derdens het ek hom 'n portret van die beroemde Goue Plein in Brussel gewys en hom gevra of hy hom kan voorstel hoe die plein geskend sou word as slegs een van daardie geboue vernietig sou word. Dieselfde argument geld ook vir Kerkplein, Pretoria. Vierdens het ek gepleit vir die behoud van Kerkplein as geheel as die historiese sentrum waarop soveel geskiedenis in Suid-Afrika gemaak is. 'n Mens dink maar net aan die inhuldiging van die Staatspresidente Kruger, Swart en Vorster.

Die Minister het daarop geantwoord dat mnr Vorster se omsendbrief van 1969 nie 'n besluit van die kabinet was nie en dus nie bindend nie. Hy het verder beweer dat volgens sy intligting die bewaring van die noordelike Wesfasade deur die Poskantoor slegs tydelik sou wees.

Ek het op 31 Maart 1979 aan die Jaarvergadering van die Stigting oor die onderhoud met Minister Le Grange gerapporteer. Daar is toe 'n eenparige besluit staande aangeneem dat ek Sy Edele die Eerste Minister moes gaan spreek.

Die onderhoud het op 12 Mei 1979 plaasgevind in die teenwoordigheid van Sy Edele min Le Grange. Ek het die vorige argumente herhaal, maar ook bygevoeg dat ek op 11 Mei 1979 in 'n onderhoud met die Posmeester-generaal, mnr Rive, vasgestel het dat die Poskantoor die betrokke geboue van die Wesfasade, wat hom betref, vir ewig gaan bewaar. Sy Edele die Eerste Minister het my toe tot my verbassing meegedeel dat die kabinet die vorige dag reeds besluit het om die Provincie toe te laat om die geboue van die Wesfasade te sloop. Ek het besef dat my pogings in 1969, die pogings van die Burgerkomitee van Pretoria in 1975, my eie pogings in 1979 nie geslaag het nie en ek was toe oortuig dat 'n nuwe front geopen moes word. Ek het mev. H P Wolmarans gevra om mev Raath, die Presidente van die Federale Vroueraad Volksbelang te vra om die leiding te neem en die vroue van al drie die Afrikaanse kerke asook die National Council of Women en die Joodse dames by die organisasie te betrek.

Ek het die verteenwoordigers van al die organisasies op 4 Junie 1979 toegespreek en toe is die Red Kerkplein-beweging gestig met mev Raath as voorsitster. Die doelstelling was die insameling van fondse en handtekeninge vir die behoud van die Wesfasade. Tot op datum is R25 187,00 ingesamel en beloftes van R100 000,00 deur Nedbank vir die restourasie van die ou Nederlandsche Bankgebou en minstens R100 000,00 vir die restourasie van die Law Chambersgebou deur 'n liggaaam wat nie sy naam genoem wou hê nie is gemaak. Daar is reeds ongeveer 27 000 handtekening ontvang. Op 21 Februarie 1980, ongeveer een jaar nadat ek van die besluit van die Kerkpleinkomitee in Februarie 1979 ten gunste van die sloping van die Wesfasade verneem het, het Sy Edele die Administrateur van Transvaal mnr Willem Cruywagen aangekondig dat die drie ou geboue van die Wesfasade bewaar sal word. Dit is 'n baie belangrike dag in die geskiedenis van Suid-Afrika, maar ook van die Stigting, dat die gedagte van bewaring van ons historiese erfenis vir die nageslag hierdeur 'n nuwe spoorslag gekry het. Die Stigting wil Sy Edele, mnr Cruywagen, van harte bedank vir die leiding wat hy in hierdie saak geneem het. Dit was voorwaar nie 'n maklike taak om die besluit vir sloping wat reeds deur die hoogste gesag goedgekeur is, ongedaan te maak nie.

## Eiendomme

Gedurende die afgelope jaar het die Stigting die waardevolle eiendom by Botshabelo aan die Stadsraad van Middelburg Transvaal, teruggetransporteer. Die geskiedkundige kerk wat in 1875 gebou is, asook die vroeëre kerke en die pastorie sal nou deur die stadsraad gerestoureer word.

Die Stigting besit egter nog die geskiedkundige Merenskyfort

by Botshabelo en die Stadsraad het onderneem om dit in stand te hou en ook wagte aan te stel om gaste toe te laat om dit te besigtig.

By Pastoriestraat 2, Graaff-Reinet moes sekere herstelwerk verrig word wat R1 224,58 gekos het. Die Streekskomitee van Kaapstad hou nou toesig oor die eiendom Coornhoop en op hulle aanbevelings word die administrasie van die eiendom deur Santambank behartig.

## Nasionale Raad

Die samestelling van die Nasionale Raad wat op 31 Maart 1979 op Stellenbosch gekies is, is soos volg: dr S Meiring Naudé (nasionale voorsitter), mnr F D Conradie LV (nasionale ondervoorsitter), kol J P Terblanché (Kaapstad), mnr S Theron (Bo-Bergrivier), mnr G Osler (Stellenbosch), dr T Pauw (Worcester), dr E E A Gledhill (Oos-Kaapland), dr N Stutterheim (Transvaal), mnr J B C Roets (Transvaal), dr A J van Zyl (Pretoria), prof F D W van Zyl (Oranje-Vrystaat), dr J Pringle (Pietermaritzburg) en mnr J H Venter (Suidwes-Afrika/Namibië).

Die Uitvoerende Komitee het bestaan uit dr Naudé (voorsitter), mnre Conradie, Theron en Roets.

Die Raad het twee maal en die Uitvoerende Komitee ook twee maal vergader gedurende die afgelope jaar.

## Direktoraat

Dit was vir my baie aangenaam om op 1 Oktober 1979 mnr Deon Jooste as nuwe Direkteur van die Stigting te verwelkom. Ons het gereel dat hy al die Streekskomitees en al die eiendomme van die Stigting besoek. Dit is verblydend om te sien hoe hy die nuwe taak met entoesiasme aangepak het en ek is dankbaar dat hy orals deur al die lede van die Stigting vriendelik en hulpvaardig ontvang is. Ek wil graag 'n beroep op u doen om hom steeds in sy moeilike taak verder by te staan.

Mnr Wynand Fourie het die Stigting ook gehelp met die finansiële state gedurende die afgelope jaar, maar het op 31 Desember 1979 afgetree. Ons vertrou dat mev I Pienaar voortaan sonder die hulp van die opgeleide finansiële assistent die boeke handig sal kan behartig tot bevrediging van die ouditeure.

## Streekskomitees

Die streekskomitees van sommige streke was weer baie aktief gedurende die jaar met die reël van bustoere, filmvertonings, sosiale byeenkomste en vergaderings vir lede van die Stigting. Ek dink hier veral aan die Kaapse Streekskomitee wat selfs 'n bustoer na Graaff-Reinet en Oudtshoorn gereel het. Die besoek aan Oudtshoorn het aanleiding gegee tot die stigting van 'n nuwe streekskomitee daar. Ons wil die nuwe streekskomitee hartlik verwelkom. Ons dank gaan aan al die lede van ons streekskomitees vir hulle hooggewaardeerde vrywillige diens aan die Stigting.

## Lidmaatskap

Gedurende die jaar 1979 het die Stigting net 174 nuwe lede bygekry en 499 verloor weens sterfgevalle en bedankings. Op 31 Desember 1979 was die ledetal soos volg saamgestel: Beskermheer 1, erelede 6, gewone individuele lede 1934, lewenslede 1 876, donateurlede 162, borglede 61, beskermheerde 39, egaarjaarlede 26 en egaarlewenslede 12, 'n totaal van 4 117 plus 58 inskrywings op die Restorica-verspreidingslys.

Ek wil weereens 'n beroep doen op alle lede om nuwe lede en veral jonger lede te werf. Die Stigting het 'n voorraad pamphlette wat streekskomitees by die hoofkantoor kan kry om hulle te help met die werf van nuwe lede.

## Nuwe Beskermheer

Ons is baie bly om te kan aankondig dat ons nuwe Staatspresident, mnr Marais Viljoen ingewillig het om Beskermheer te word.

## Ten slotte

Voordat ek hierdie verslag afsluit wil ek graag al die liggamoëns en persone waarmee die Stigting skakel hartlik bedank vir hulle bystand en hulp. Die Stigting het deur 'n baie moeilike tydperk gegaan wat sy finansies betref, maar met die vriendelike hulp en ondersteuning van baie organisasies en persone kon ons oorleef in ons stryd. Ek wil ook graag die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, die S.A. Instituut vir Argitekte, die Departement van Nasionale Opvoeding, die Transvaalse Proviniale Raad asook alle ander liggamoëns, die talle

eresekretariesse en korrespondente van harte bedank vir hul hulp. Ek wil ook andermaal ons ouditeursfirma, H.B. Marais en Vennote, en ons prokureursfirma, Ross & Jacobz, baie hartlik bedank vir die dienste wat hulle gelewer het. En aan u Dames en Here, Lede en Vriende van die Stigting ons dank vir u ondersteuning aan my as honorêre direkteur tot 30 September 1979. Dit was vir my 'n plesier om u en die Stigting gedurende die afgelope jaar te dien. Ek sien daarna uit om ons taak in die aktiwiteite van die Stigting met u te bespreek op Bloemfontein op 19 April 1980.

## Direkteursverslag vir die rekenpligtige tydperk geëindig 31 Desember 1979

### 1. Besigheid en bedrywighede

Die Stigting Simon van der Stel is 'n kulturele vereniging met as hoofdoelstelling die bewaring van die Suid-Afrikaanse Nasionale erfenis deur aankoop en restourasie van historiese geboue, terreine en voorwerpe.

### 2. Die stand van sake en bedryfsresultate

Die stand van die maatskappy se sake blyk duidelik uit die aangehegte finansiële state.

Die netto inkomste vir die tydperk bedra R51 708,48 (1978: R22 026).

### 3. Die maatskappy is beperk deur garansie en die aanspreeklikheid van elk van die 4 100 lede is beperk tot R2,00.

### 4. Direkteure

Die volgende direkteure het gedurende die jaar diens gedaan:

- Dr S M Naude (Waarnemend)
- Mr G J Jooste

### 5. Sekretaris

Die maatskappy het geen sekretaris nie.

### 6. Vaste bates

Die eiendom te Middelburg, bekend as Bothsabelo is gedurende die jaar oorgedra aan die Middelburgse Stadsraad.

7. Geen gedeelte van die maatskappy se besigheid is deur 'n derde persoon bestuur nie.
8. Daar het geen wesentlike gebeurtenis of omstandighede plaasgevind tussen die rekenpligtige datum en datum van hierdie verslag nie.

*Getekken deur die Directeur*

1. DR S MEIRING NAUDE
2. DEON JOOSTE

20 Februarie 1980

## Ouditeursverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1979

### Die Lede

Stigting Simon van der Stel  
PRETORIA

### OUDITEURSVERSLAG VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1979

Ons het die audit van die boeke van die maatskappy vir die jaar geëindig 31 Desember 1979 voltooi en doen soos volg verslag:

Inkomstes is slegs bevestig insoverre kwitansies daarvoor uitgereik is.

Onderworpe aan bogenoemde kwalifikasie het ons die vereistes van Artikel 300 van die Maatskappywet van 1973, nagekom.

Na ons mening gee die state die finansiële toestand van die maatskappy en die resultate van die bedrywighede op die wyse deur die Maatskappywet vereis, redelik weer.

MARAIS & VENNOTE  
*Geoktrooierde Rekenmeesters (S.A.)*

**STIGTING SIMON VAN DER STEL**  
**INGELYFDE VERENIGING SONDER WINSOOGMERK**  
('n Maatskappy geregistreer kragtens artikel 21 van die Maatskappwyet 61 van 1973)

**BALANSSTAAT OP 31 DESEMBER 1979**

	1979	1978
<b>KAPITAAL AANGEWEND</b>		
<b>NIE-VERDEELBARE RESERWES</b>	R263 303,28	R244 135
- Kapitaaldeleifonds	258 062,01	239 780
- Saldo - 1 Januarie 1979	239 780,47	
PLUS: Netto inkomste vir die jaar	51 709,48	
	<hr/> 291 489,95	
MIN: Eiendom oorgedra aan Middelburg Stadsraad	33 427,94	
	<hr/>	
- Bothsabelo 100 000	2 030,00	2 030
- Barberton Restourasiefonds	1 557,80	993
- Saldo - 1 Januarie 1979	993,00	
PLUS: Fondse ontvang gedurende die jaar	564,80	
	<hr/>	
- R.S.A. Beursfonds	100,00	100
- S.W.A. Beursfonds	1 231,83	1 232
- Eugene Marais Trustfonds	15,00	—
- Red-Kerkplein Trustfonds	306,64	—
	<hr/>	
<b>LANGTERMYNLENINGS</b>	27 767,35	29 568
- United Bouvereniging – Pietermaritzburg	13 283,66	14 004
- United Bouvereniging – Port Elizabeth	—	506
- Saambou Nasionale Bouvereniging – Paarl (Verbind deur verbande geregistreer oor Vaste Eiendom soos per Bylaag A)	14 483,69	15 058
	<hr/>	
	R291 070,63	R273 703
	<hr/>	
<b>AANWENDING VAN KAPITAAL</b>		
<b>Vaste bates</b>		
- Grond en Geboue (Bylaag A)	R256 325,95	R289 606
- Ander vaste bates (Aantekening 4)	8 482,00	8 215
<b>Aandelebeleggings</b>	<hr/>	<hr/>
<b>Ander Beleggings</b>		
- Spaarrekenings	6 970,69	6 971
<b>Heraldiese Wapen</b>	<hr/>	<hr/>
- Teen nominale waarde	19 939,53	3 470
<b>Lewensversekeringspolisse</b>		
- Teen nominale waarde	1,00	1
<b>Medaljes</b>	<hr/>	<hr/>
- Teen nominale waarde	1,00	1
<b>Biblioteek</b>	<hr/>	<hr/>
- Teen nominale waarde	1,00	1
<b>Bedryfsbates</b>	<hr/>	<hr/>
- Diverse Debiteure	1 705,19	1,240
- Kontant op hande	55,49	28
- Kontant in Bank	149,82	—
	<hr/>	<hr/>
	293 632,67	309 534
	2 562,04	35 831
	<hr/>	<hr/>
<b>MIN: BEDRYFSLASTE</b>		
- Krediteure	1 950,74	3,762
- Oortrokke Bankrekenings	611,30	32 069
	<hr/>	<hr/>
	R291 070,63	R273 703
	<hr/>	<hr/>

**INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 1979**

	1979	1978
<b>INKOMSTE</b>		
<b>Ledegelde</b>		R35 628
<b>Donasies</b>	R45 593,96	20 198
- Lede	14 482,10	
- Anglo American	10 000,00	
- Hans Merensky-Stigting	2 000,00	
	<hr/>	<hr/>
<b>Hulptoelaes</b>	32 500,00	32 500
- Staat	22 500,00	
- Provincie	10 000,00	
	<hr/>	<hr/>
<b>Publikasies</b>	5 520,44	3 754
<b>Uitstappies</b>	9 233,59	6 407
<b>Toegangsgelde en Verversings Verkoop</b>	2 407,40	2 275
<b>Rente en Dividende</b>	905,37	767
<b>Huur Ontvang</b>	12 067,68	11 066
	<hr/>	<hr/>
- Boekenhoutfontein	630,00	840
- Coornhoop	6 683,68	5 360
- Huis Macrorie	2 581,00	2 391
- Oude Bakkery	890,00	960
- Kerkstraat 22	825,00	735
- Pastoriestraat 2	458,00	780
	<hr/>	<hr/>
<b>Diverse Verkope</b>	186,50	280
	<hr/>	<hr/>
<b>MIN: UITGAWES</b>	134 897,04	112 875
	83 187,56	102 569
	<hr/>	<hr/>
- Salarisse en lone	26 040,56	30 096
- Drukwerk, skryfbenodigdhede en publikasies	11 582,90	18 327
- Advertensie	299,90	646
- Rente betaal	3 639,22	4 050
- Bankkoste	431,84	616
- Reis- en onthaalkoste	6 037,23	6 095
- Reklame toere	6 619,42	4 017
- Telefoon	844,07	2 330
- Verplasingskoste	950,00	—
- Huur frankeermasjien	305,89	—
- Versekering	872,81	227
- Huur en elektrisiteit	1 518,48	1 584
- Herstel en Onderhoud	886,21	406
- Rekenmeestersvergoeding		
- Vir audit	900,00	900
- Vir ondersoek en konsultasie	—	900
- Ledegelde	65,60	131
- Waardevermindering		
- Meubels en toebehore teen 10% per jaar	796,51	751
- Trekker en implemente teen 25% per jaar	438,00	485
- Regkoste	—	505
- Rekenaardienste	—	1 588
- Honoraria	1 293,50	2 130
- <b>Uitgawes ten opsigte van Eiendomme</b>		
- Boekenhoutfontein	12 449,11	12 823
- Bothsabelo	1 409,64	2 494
- Coornhoop	2 968,64	2 713
- Huis Macrorie	658,81	3 948
- Oude Bakkery	44,50	2 041
- Kerkstraat 22	562,52	1 120
- Pastoriestraat 2	1 224,58	471
- Bradshaw Wolmeul	347,62	65
- Walvis-treilers	—	1 110
	<hr/>	<hr/>
<b>NETTO INKOMSTE VIR DIE JAAR</b>	51 709,48	10 306
<b>PLUS:</b> Koste verhaal met verkoop van:		
- Walvis-treilers	—	4 000
- Platinum pennings	—	7 720
	<hr/>	<hr/>
<b>TOTALE INKOMSTE OORGEDRA NA KAPITAALDELINGSFONDS</b>	R51 709,48	R22 026
- 31 Desember 1979		

**AANTEKENINGE BY DIE FINANSIËLE STATE OP 31 DESEMBER 1979**

		1979	1978
<b>1. DIREKTEURSVERGOEDING</b>			
– As direkteur			
– Ander dienste		<u>R3 450,00</u>	<u>R7 150</u>
2. Geen voorsiening vir normale belasting is gemaak nie, aangesien die maatskappy 'n ingelyfde vereniging sonder winsoogmerk is, wat nie aanspreeklik is vir inkomstebelasting nie.			
3. Ledegelde, inkomste met verkoop van publikasies en Restorica, donasies en advertensies, word slegs getoon indien en wanneer dit ontvang word.			
<b>4. VASTE BATES</b>			
	Kosprys	Opgelope waardever- mindering	Boekwaarde 31/12/1979
<b>– Meubels</b>			Boekwaarde 31/12/1978
– Saldo – 1/1/1979	9 807,00		
PLUS: Aankope	<u>1 201,51</u>	<u>R3 842,51</u>	<u>R7 166,00</u>
<b>– Trekker en Implemente</b>			
– Saldo – 1/1/1979	2 025,00		
Plus: Aangekoop	<u>300,00</u>	<u>2 325,00</u>	<u>1 315,00</u>
<b>– Motorvoertuie</b>			1
– Teen nominale waarde			<u>1,00</u>
		<u>R8 482,00</u>	<u>R8 215</u>
<b>5. STAAT VAN BRON EN AANWENDING VAN FONDSE</b>			
<b>Bron van Fondse</b>			
Netto inkomste		R51 709	
PLUS: Waardevermindering		<u>1 235</u>	
Totale inkomste		52 944	
Toename van Barbertonse Restourasiefonds		565	
Toename van Eugene Marais Trustfonds		15	
Toename van Red Kerkplein Trustfonds		<u>307</u>	
		<u>R53 831</u>	
<b>Aanwending van Fondse</b>			
Afbetelings op verbandlenings		R1 800	
Restourasiekoste aan Vaste Eiendomme		147	
Aankoop van toerusting		1 202	
Aankoop van sleepwa		300	
Toename van belegging in spaarrekening		16 470	
Totale vermeerdering in bedryfskapitaal		<u>33 912</u>	
		<u>R53 831</u>	
<b>ONTLEDING VAN VERANDERINGE IN BEDRYFSKAPITAAL</b>			
<b>Vermeerdering in Bedryfskapitaal</b>			
Toename van debiteure		R465	
Toename van kontant op hande		178	
Afname van krediteure		1 811	
Afname van oortrokke bankrekening		<u>31 458</u>	
		<u>R33 912</u>	

**GROND EN GEBOUE SOOS OP 31 DESEMBER 1979**

	Datum van aankoop	Koste plus restourasiekoste tot 31/12/78	Restourasiekoste 1/1/79 tot 31/12/79	Totaal 31/12/79	Verbind per verband R
		1971	R97 206,27		
1. <b>Plaas Boekenhoutfontein, Rustenburg</b> – Gedeelte 87 en 88 van die plaas Boekenhoutfontein Nr. 260, Registrasie-afdeling J.A. Rustenburg	1971	R97 206,27	R49,74	R97 256,01	R
2. <b>Coornhoop, Mowbray</b> – Lot 28156, Mowbray, Kaapstad	1963	52 507,87	—	52 507,87	—
3. <b>Kerkstraat 22, Tulbagh</b> – Lot 166, Tulbagh	1970	20 056,05	97,75	20 153,80	14 483,69
4. <b>Huis Macrorie</b> – Loopstraat 11, Pietermaritzburg	1967	48 682,66	—	48 682,66	13 283,66
5. <b>“Oude Bakkery”</b> – Van der Stelstraat 43A, Tulbagh	1972	22 799,91	—	22 799,91	—
6. <b>Pastoriestraat</b> – Lot 1545, Graaff-Reinet	1974	7 234,04	—	7 234,04	—
7. <b>Bradshaw Wolmeul</b> – Lot 365, Bathurst, Oos-Kaap	1965	7 689,66	—	7 689,66	—
8. <b>Fort Merensky</b> (Voorheen Bothsabelo) Gedurende 1979 aan die Stadsraad van Middelburg oorgedra.	1961	2,00	—	2,00	—
		<u>R256 178,46</u>	<u>R147,49</u>	<u>R256 325,95</u>	<u>R27 767,35</u>

**DIE VOLGENDE INTERESSANTE PUBLIKASIES, POSKAARTE, ENS. KAN BY DIE STIGTING SE HOOFKANTOOR TE POSBUS 1743, PRETORIA 0001, BESTEL WORD:**

*Bulletin*

Nos 4 5 6 7 9 11 13 14 15 20 22 23 24 27 2- 29 30 31 . . . . .	R0,50 elk
<i>Restorica</i> 1 2 5 6 . . . . .	R1,50 elk
<i>Macrorie – Gentle Bishop of Natal</i>	
Deur R E Gordon, E & E Gericke & J Clark – sagteband . . . . .	R1,00
<i>Anglo-Boereoorlog-Tēelalbums</i>	
13 Volkleur plate (490 mm x 360 mm) met geskiedenis van veldslae agterop . . . . .	R1,50
<i>Boekenhoutfontein</i>	
Kleurafdrukke (655 mm x 480 mm) van Gabriel de Jongh se skildery . . . . .	R1,00
<i>Die Deputasie</i>	
Gravure afdrukke (890 mm x 450 mm) van Wichgraf se beroemde 1903 skildery van 'n Boeredeputasie se besoek aan Paul Kruger . . . . .	R2,50
<i>Ons Kaapse Gewels</i>	
Deur Trefois, Punt en Ploeger . . . . .	R3,00
<i>Bewaring van Ons Erfenis</i>	
Bewaring van ou geboue en historiese oorblyfsels . . . . .	R2,50
<i>Oud Nederlandse Architektuur in Suid-Afrika</i>	
Deur restourasie-argitek Clemens Trefois van Melle, België.	
'n Wetenskaplike werk in Nederlands oor die herkoms van ons Kaapse boustyl . . . . .	R3,50
<i>Zes Eilandene in de Zon</i>	
Volkleurfoto's met teks in Nederlands en Engels oor ons verwante argitektuur in die Nederlandse Antille	R6,00
<i>Culemborgers Overzee</i>	
'n Verkenning oor vier eeue na aanleiding van die gerestoureerde Jan van Riebeeckhuis. In Nederlands deur P J W Beltjes . . . . .	R2,50
<i>Eerste Europeane in Transvaal – 1725</i>	
Deur Dr W H J Punt – sagte band . . . . .	R3,50
<i>T-Hemde Stigting Simon van der Stel – S A Nasionale Heemskut</i>	
3 groottes elk vir kinders en volwassenes, oranje op wit . . . . .	R3,00
<i>Poskaarte</i>	
Reeks van 16 oor die Stigting se eiendomme . . . . .	R0,15 elk
<i>Borsbeeld van President Paul Kruger – 14 cm</i> . . . . .	R6,50

## VOLMAG

Lede van die Stigting wat nie die Jaarvergadering op 19 April 1980 kan bywoon nie moet asseblief onderstaande volmag voltooi en aan die Hoofkantoor afstuur. Mag ek aan die hand gee dat u die Nasionale Voorsitter of die Nasionale Raadslid van die streek waarin u woonagtig is, benoem om namens u te stem en *nie* die Direkteur nie. 'n Lys van Nasionale Raadslede word aan die begin van hierdie uitgawe verstrek.

Let asseblief op dat hierdie volmagte die hoofkantoor moet bereik nie later as 5 dae voor die jaarvergadering nie, met ander woorde nie later as 14 April 1980 nie.

### VOLMAGVORM

**STIGTING SIMON VAN DER STEL**  
Geïnkorporeer as 'n vereniging sonder winsoogmerk  
Posbus 1743, Pretoria 0001, RSA

Ek,..... van.....

synde 'n stemgeregtige lid van die Stigting Simon van der Stel, stel hiermee aan

..... van.....

as my gevollmachtigde om namens en ten behoeve van my op die algemene jaarvergadering of algemene vergadering na gelang van die geval, van die maatskappy gehou te word op 19 April 1980 en 'n verdaging daarvan, te stem.

Tensy hieronder anders opgedra kan my gevollmachtigde stem soos hy goed dink.

My opdrag (indien verlang) is om vir/teen/nie te stem i.s.....

vir/teen/nie te stem i.s.....

Geteken te..... hierdie..... dag van..... 19.....

Adres:.....

Handtekening

Soort Lid .....

**Nota 1:** 'n Lid wat geregtig is om aanwesig te wees en te stem, is geregtig om 'n gevollmachtigde aan te stel om in sy plek aanwesig te wees, te praat en by 'n stemming met stembriefies te stem, maar so 'n gevollmachtigde moet ook lid van die maatskappy wees. Geaffilieerde en Ere-lede het nie stemreg nie.

**Nota 2:** 'n Stemgeregtige is 'n gewone, lewens-, donateur-, borg- of beskermheerlid wie se ledegeld opbetaal is en nie om een of ander rede onbevoeg is om te stem nie.

**Nota 3:** Hierdie volmag of 'n notarieël sertificeerde afskrif daarvan, moet die geregistreerde kantoor van die maatskappy minstens 5 dae voor die datum van die vergadering bereik, Posbus 1743, Pretoria 0001, RSA.

## UITNODIGING

### HOEKOM WORD U NIE OOK LID VAN DIE STIGTING NIE?

#### WAAROM 'N LID WEES VAN DIE STIGTING?

- U word op die hoogte gehou van die jongste restourasieprojekte in Suid-Afrika
- Deur middel van Restorica word interessante inligting verstrek oor historiese geboue en terreine.
- As lid kan u deelneem aan interessante uitstappies, vergaderings en besoeke aan historiese geboue en plekke
- Deur u lidmaatskap word u 'n medewerker in die bewaring van ons Suid-Afrikaanse kultuur erfenis.

#### HOE KAN U LID WORD?

Dit is so eenvoudig. Voltooi slegs die onderstaande vorm en pos dit tesame met u ledegeld onverwyld na die hoofkantoor.

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

NAAM .....

Individuele Jaarlede R8 pj  
Egpaar Lidmaatskap R12 pj  
Verenigings & Maatskappye R15 pj  
Lewenslede R75-R199  
Egpaar Lewenslede R120  
Donateurlede R200-R1 099  
Borglede R200 of meer pj  
Beskermheerlede R2 000 of meer  
Restorica R1,50 per uitgawe

VOORNAME .....

POSADRES .....

HANDTEKENING..... DATUM.....

## PROXY

Members of the Foundation that find it impossible to attend the Annual General Meeting on 19th April 1980 must please complete the proxy below and then post it to Head Office. May I recommend that you nominate the National Chairman or the National Council member of your region to vote on your behalf and *not* the Director. A list of National Council members will be found to the front of this issue.

Please note that a proxy must reach Head Office not later than 5 days before the Annual General Meeting; therefore not later than 14 April 1980.

### PROXY FORM

**SIMON VAN DER STEL FOUNDATION**  
Incorporated as an association not for gain  
P.O. Box 1743, Pretoria 0001, RSA

I, ..... of .....

being a member of the Simon van der Stel Foundation entitled to vote, hereby appoint

..... of .....

as my proxy to vote for me and on my behalf at the annual general meeting or the general meeting as the case may be, of the company to be held on 19 April 1980 and any adjournment thereof.

My instruction (if required) is to vote for/against/not re.....

for/against/not re.....

Signed at ..... on the ..... day of ..... 19 .....

Address: .....

Signature .....

Type of Member .....

**Note 1:** A member entitled to attend and vote is entitled to appoint a proxy to attend, speak and vote in his stead, and such proxy must also be a member of the company. Affiliate and Honorary Members do not have a vote.

**Note 2:** A member entitled to vote is an ordinary or life, donor, sponsor or patron member whose membership dues are paid up and is not for some other reason incompetent to vote.

**Note 3:** This proxy, or a notarially certificated copy thereof, must reach the registered office of the company, at least 5 days before the date of the meeting, P.O. Box 1743, Pretoria 0001, RSA.

## INVITATION

### WHY DON'T YOU BECOME A MEMBER OF THE FOUNDATION?

- You are kept informed about the most recent restoration projects in South Africa
- Through Restorica interesting information is provided with regard to historic buildings and sites
- As a member you can participate in interesting excursions, meetings and visits to historic buildings and sites
- Through your membership you become a partner in the preservation of our South African cultural heritage

### HOW CAN YOU BECOME A MEMBER?

It is so easy. Just complete the form below and post it immediately with your membership fee to the head office.

NAME .....

CHRISTIAN NAMES .....

POSTAL ADDRESS .....

Ordinary Individual Members R8 pa  
Husband & Wife Members R12 pa  
Associations & Companies R15 pa  
Life Members R75-R199  
Husband & Wife Life Members R120  
Donor Members R200-R1 999  
Sponsor Members R200 or more pa  
Patron Members R2 000 or more  
Restorica R1,50 per issue

SIGNATURE .....

DATE .....

# Notule van die 20ste Algemene Jaarvergadering van die lede van die Stigting Simon van der Stel

Die vergadering is gehou om 09h00 op Saterdag 31 Maart 1979 in die Opvoedkundebou by die Universiteit van Stellenbosch

## J553 OPENING

**551.1 Verwelkoming:** Die Nasionale Voorsitter, dr S Meiring Naudé, verwelkom die aanwesige lede en gaste en in die besonder die Minister van Nasionale Opvoeding, Sy Edele mnr W A Cruywagen. Die Burgemeester van Stellenbosch, mnr P Marais, rig 'nwoord van verwelkoming aan die aanwesiges namens Stellenbosch. Hy gee 'n kort oorsig oor bewaring in Stellenbosch en die vordering wat gemaak is oor die afgelope jare.

**553.2 Openingstoespraak:** Vervolgens stel die Nasionale Voorsitter die Minister van Nasionale Opvoeding aan die vergadering voor en versoek hom om die jaarvergadering te open. (Vir 'n volledige weergawe van die Minister se toespraak sien Restorica 6 Bulletin Vol 20 No 37 Aug 1979 p 10). Na die toespraak versoek die Voorsitter vir dr T Botha van die Stellenboschstreekomitee om Minister Cruywagen te bedank.

**553.3 Oorhandiging van Silwer-erepenning aan Regter Diemont:** Die Nasionale Voorsitter stel Sy Edele Regter M A Diemont aan die vergadering voor deur 'n eulogie voor te lees oor sy verbintenis met die Stigting oor die jare en sy besondere werk in die verband. Minister W A Cruywagen oorhandig aan Regter Diemont die Stigting se Silwer-erepenning as erkenning vir sy bydrae tot die bevordering van die Stigting se doelstellings en vir die besondere rol wat hy gespeel het met betrekking tot bewaring. (Hierdie eulogie is gepubliseer in Restorica 6 Bulletin Vol 20 No 37 Aug 1979 p 25).

## J554 BYWONING

### 554.1 Aanwesig:

Raadslede: Dr S Meiring Naudé, Nasionale Voorsitter  
Mnr F D Conradie LV, Nasionale Onder-Voorsitter  
Mev J M Raath  
Dr E E A Gledhill  
Mnr I M Hoogenhout  
Mnr J B C Roets  
Kol I P Terblanché  
Dr N Stutterheim  
Sen C C Henderson  
Prof F van Zyl (sekundus vir prof W Richards)  
Mnr D Stupart (sekundes vir mnr J H Venter)

Lede: 80 } Besoekers: 11 } Sien bylae 1

**554.2 Verskonings:** Raadslede: Mnr J H Venter; mnr B J van der Walt; prof W J Richards. Lede: 14 - Sien bylae 2.

**554.3 Volmagte:** 121 volmagte word aangeteken.

**554.4 Kworum:** Aangesien daar 'n kworum teenwoordig is, word die vergadering as gekonstitueerd verklaar.

aan al die lede gesirkuleer. Dit word as gelees beskou, aanvaar en onderteken.

## J556 Verslag van die Nasionale Voorsitter

**556.1** Die Voorsitter se verslag is in die Jaarverslag gepubliseer en dit word aanvaar dat alle lede dit gelees het.

**556.2** Sedert publikasie daarvan het daar egter 'n saak na vore gekom waaroor die Voorsitter die vergadering wil inlig. In 1968 is 14 taferele van kunsteels oor die Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 deur die Stigting in Nederland aangekoop wat later aan die Departement van Verdediging verkoop is om in die nuwe Verdedigingshoofkwartier te Pretoria uitgestal te word. Daar is vasgestel dat 110 uit die ongeveer 1 000 teëls ontbreek het. Die Stigting het onderneem om die teëls op sy koste te laat maak in Nederland. Met die aankoms van die teëls gedurende Januarie 1979, was daar ook 'n rekening van 16 115 gulde (R6 870). Oorspronklik het die Stigting R1 000 hiervoor gereserveer. Die Voorsitter het aan Sy Edele die Eerste Minister, mnr P W Botha, geskryf in verband met hierdie dilemma en die bedrag van R6 870 is in opdrag van die Eerste Minister deur die Departement van Nasionale Opvoeding vir die doel aan die Stigting uitbetaal. Die Voorsitter het ook die firma wat die teëls in Nederland vervaardig het, Tichelaars Koninklijke Makkumer Aardewerk- en Tegelfabriek BV, genader vir 'n donasie en hulle het 500 gulde (ongeveer R220) aan die Stigting geskenk. Die Stigting moes egter die lugvrag (R573) en Algemene Verkoopsbelasting (R302) self betaal. Die Stigting wil graag sy dank betuig aan die Regering en die vervaardigers vir hul donasies.

**556.3** Met die bovenoemde probleem opgelos, het die Stigting geen agterstallige finansiële verpligte nie. Daar is nog oortrokke bankrekeninge van ongeveer R33 000 (Maart 1979), maar die Voorsitter voel optimisties oor die toekoms, veral as 'n mens terugkyk op die Stigting se finansiële toestand van die vorige jaar.

**556.4** In sy verslag het die Voorsitter 'n beginselsaak genoem waaroor die vergadering 'n besluit moet neem; naamlik of die Stigting eiendomme vir restourasie kan aankoop en of die Stigting hom moet beywer om liggome wat daartoe in staat is, te inspireer om restourasie uit te voer. Na 'n algemene bespreking word besluit dat dit die beleid van die Stigting sal wees om eiendomme aan te koop, en om ander instansies te inspireer om bewaring en restourasie ana te pak. Die uitvoering van hierdie besluit word aan die Raad oorgelaat om te oordeel na gelang van omstandighede.

**556.5** Daarna is die verslag van die Voorsitter deur die vergadering aanvaar.

**556.6** Die vergadering aanvaar die volgende mosie van dank aan die Voorsitter wat deur kol Terblanché voorgestel word: Hierdie vergadering boekstaaf sy hoogste lof en oregte waardering aan dr Meiring Naudé, ons Nasionale Voorsitter, vir sy voortreflike en onbaatsugtige dienste aan die Stigting sedert die bedanking van die direkteur, mnr Willem Punt. Die jaarvergadering het met groot dankbaarheid en genoegdoening kennis geneem van die merkwaardige, inderdaad dramatiese verbetering wat dr Naudé in die finansies van die organisasie bewerkstellig het. Dit is te danke aan die bekwaamheid en toewyding waarmee dr Naudé die administrasie van die Stigting die afgelope tien maande behartig het, en veral die ferme hand waarmee hy die finansies beheer het. Daar word ook met dankbare waardering kennis geneem van

## J555 NOTULE VAN DIE 19DE ALGEMENE JAARVERGADERING VAN 14 APRIL 1978

Die notule is saam met die jaarverslag van 1978 gepubliseer en

dr Naudé se pragtige gebaar om op 'n honorêre basis die direkteurskap waar te neem, welke feit grootliks bygedra het tot die verbetering in die Stigting se geldelike posisie, en hierdie jaarvergadering betuig sy innige en oopregte dank daarvoor teenoor dr Naudé. Ons wens vir hom seën, sukses en goeie gesondheid toe vir die jare vorentoe.

#### J557 Ouditeur se verslag en finansiële jaarstate

Die Voorsitter rapporteer dat die probleem-projekte bevredigend afgehandel is en verwys veral na die walvisskepe wat verkoop is en die platinumpenningsprojek wat finaal afgehandel is. Die Voorsitter noem met besondere waardering die hulp en bystand wat hy van mnr H Malan van die prokureursfirma Ross & Jacobz met die afhandeling van laasgenoemde projek ontvang het. Die Ouditeursverslag en Finansiële State word aan die vergadering voorgelê, gesekondeer deur mnr Jordaan en goedgekeur.

#### J558 Aanstelling van ouditeure vir 1979

Daar word voorgestel dat die firma Marais en Vennote weer soos die vorige jaar, aangestel word as die Stigting se ouditeure. Die voorstel word gesekondeer en aanvaar.

#### J559 Wysigings van die statute

Sedert die Voorsitter in die kantoor begin waarneem het, het daar sekere probleme na vore gekom. Op 'n vergadering van die Wes-Kaapse Ko-ordinerende Komitee wat die Voorsitter ook bygewoon het, is besluit dat die Komitee voorstelle sou opstel vir wysigings van die Stigting se statute wat die Komitee nodig ag. Hierdie voorgestelde wysigings is aan al die Streekkomitees gestuur met die versoek dat hulle dit bestudeer en ook hul eie voorstelle tot wysigings moet indien as hulle dit nodig ag. Verteenwoordigers van al die streke is uitgenooi om 'n vergadering op 1 September 1978 by te woon sodat die voorgestelde wysigings van die verskillende streke bespreek kan word. Die resultaat van die besprekings is in die Jaarverslag van 1978 gepubliseer en aan al die lede van die Stigting gesirkuleer. Dit verskyn op bladsy 6 van die Jaarverslag onder die opschrift Proposed amendments to the Articles of the Simon van der Stel Foundation. Hierdie wysigings is ook op die Raadvergadering gehou op 30 Maart 1979, bespreek en goedgekeur.

559.1 Op 'n wenk van die Voorsitter word die volgende statutuwysigings meer volledig geformuleer:

5.1 One Councillor for the Eastern Cape Province until a Regional Committee is formed.

Two additional councillors for the Transvaal until two new Regional Committees are formed.

The Chairman and/or Vice-Chairman may be elected from among the above Councillors by the Annual General Meeting. The maximum number of members from the Western Cape will however be four and from the Transvaal three excepting the Chairman and the Vice-Chairman.

559.2 Mnr Jordaan verwys na die addisionele wysigingsvoorstel van die Stellenboschstreek dat die voorsitter en vice-voorsitter uit die elf lede gekies word soos saamgestel uit 5.1. Hy stel voor dat die voorstelle soos deur die Raad goedgekeur, aanvaar word. Die Voorsitter en vice-voorsitter kan dus uit die elf lede gekies word, of kan ook afgesien van die elf lede gekies word. Mnr T Pauw ondersteun mnr Jordaan in sy voorstel. Dit is die prerogatief van 'n nasionale liggaam om sy voorsitter en onder-voorsitter te kies heeltemal onafhanklik van enige affiliasies. Daarna kan die verteenwoordigers van die streke aangewys word. Die voorstel van die Raad word daarna goedgekeur.

559.3 Dr Pringle beweer dat die gewysigde statute geen voorseening maak vir vooruitgang en uitbreiding van die Stigting nie. Hy het 'n nuwe voorstel wat hy wil voorlê, maar die voorsitter vra hom om dit aan die Raad voor te lê vir oorweging in die komende jaar aangesien dit 'n te lange bespreking gaan uitlok. Mnr Pauw en mnr Theron spreek hulle begrip vir dr Pringle se probleem uit maar voel dat met die nuwe voorgestelde verteenwoordiging van die streke op die Raad, vooruitgang in die toekoms beter hanteer kan word. Sen Hender-

sonoordeel dat dr Pringle se voorstelle 'n baie wesentlike probleem in die statute uitwys en dat hy 'n kans gegun word om dit voor te lê. Dr Botha stel voor dat die Voorgestelde Wysigings aanvaar word as 'n tydelike maatreël vir 1979, maar dat daar gedurende 1979 weer na die statute gekyk word. Op die Jaarvergadering van 1980 kan dan 'n finale besluit geneem word. Hierdie voorstel word aanvaar.

559.4 Die volgende statutuwysigings word goedgekeur:

##### 5. Council

5.1 Composition: The Council of the Association is composed of at least nine or at most thirteen members of the Association, comprising: National Chairman, National Vice-chairman and three Councillors for the Cape, three Councillors for Transvaal, one Councillor for Natal, one Councillor for the Orange Free State, one Councillor for South West Africa and if required two Councillors appointed or elected for their knowledge of conservation.  
to read as follows:

5.1 Composition: The Council of the Association is composed of at least nine and at the most thirteen members comprising: National Chairman, National Vice-Chairman, One Councillor nominated by each regional committee with fifty or more members in its region.

One Councillor for the Eastern Cape Province until a regional committee is formed.

Two additional Councillors for the Transvaal until two new regional committees are formed.

The Chairman and/or Vice-Chairman may be elected from among the above Councillors by the Annual General Meeting. The maximum number of members from the Western Cape will however, be four and from the Transvaal three, excepting the Chairman and the Vice-Chairman.

5.2 Period of Office: The Council is elected for a period of three years. Casual vacancies in the Council are filled by the Council. All Councillors automatically retire at the end of the Council's term, but are eligible for re-election.

to read as follows:

##### 5.2 Period of Office:

5.2.1 At the first Annual General Meeting in 1979, all Councillors shall retire from office, and at the Annual General Meeting at every subsequent year about one third of the Councillors shall retire from office.

5.2.2 The Councillors to retire every year shall be those who have been longest in office since their first election, but as between Councillors who were elected on the same day, those who retire shall, unless they otherwise agree among themselves, be determined by lot.

5.2.3 A retiring Councillor shall be eligible for re-election.

5.3 The Council of the Association is elected by majority vote of members present or duly represented and eligible to vote at the third annual general meeting following the previous election.

to read as follows:

##### 5.3 Election:

5.3.1 Councillors representing regional committees shall be nominated by each regional committee and elected at the annual general meeting.

5.3.2 Councillors representing their provinces shall be elected at the annual general meeting each year subject to 5.2.

5.5 Quorum: Four members of Council, personally or represented by an alternate, form a quorum.

to read as follows:

5.5 Quorum: Six members of Council, personally present or represented by an alternate, form a quorum.

559.5 Die Voorsitter verwys na die gepubliseerde voorgestelde wysigings waarin die tydperk van kennismaking van die Algemene Jaarvergadering vanaf 21 na 30 dae gewysig moet word. Na sy ondervinding met die pas gepubliseerde Jaarverslag, vind hy dit onmoontlik om die verslag 30 dae voor die vergadering gepubliseer en gepos te kry. Hy vra dat dit by 21 dae gehou word en sy versoek word goedgekeur.

11.3 Notices: Notices of general meetings accompanied by an agenda must be circulated to members at least 14 days

beforehand or 21 days in the case of annual general meetings or general meetings for the passing of a special resolution. Shorter notice will, however, not invalidate the proceedings provided the requirements of the Act have been complied with. In the case of general meetings for the passing of special resolutions, the agenda must specify the nature and effect of the proposed special resolution. As an alternative, notice may be published in a newspaper.

*To read as follows:*

**11.3 Notices:** Notices of general meetings accompanied by an agenda must be circulated to members at least 14 days beforehand or 21 days in the case of annual general meetings for the passing of a special resolution. In case of general meetings for the passing of special resolutions, the agenda must specify the nature and effect of the proposed special resolution.

**559.6** Die Voorsitter verwys na 'n verdere voorstel wat ontvang is en lui: dat die klosule dat Hoofkantoor in Pretoria moet setel, geskrap moet word. Aangesien dit 'n fundamentele verandering in die statute teweeg sal bring, moes dit aan alle lede van die Stigting gesirkuleer gewees het. Die voorstel in sy huidige vorm is egter nie aanvaarbaar nie aangesien die Wet op Maatskappye bepaal dat 'n maatskappy die setel van sy hoofkantoor in sy statute moet noem. Daar kan dus 'n voorstel wees vir óf Kaapstad óf Stellenbosch, maar Pretoria kan nie net geskrap word nie.

Mnr Osler, voorstander van die Stellenboschstreekkomitee, verduidelik dat die voorafgaande voorstel nie van die Stellenboschstreekkomitee afkomstig is nie, maar dat dit 'n individuele voorstel is.

**559.7** Dr Botha gee kennis dat hy by die volgende Algemene Jaarvergadering 'n voorstel gaan indien, met behoorlike inagneming van die statutêre raamwerk, dat die hoofkantoor van die Stigting na Stellenbosch verskuif word.

**559.8** Verdere statutêre wysigings wat aanvaar is:

**11.6 Quorum:** No business may be concluded at a general meeting unless there is a quorum of at least ten members present personally or by proxy at the commencement of the meeting. In the case of a general meeting for the consideration of a special resolution a quorum shall be 25 of the members of the Association eligible to vote.

Should a quorum not be present within half an hour of appointed time for the meeting, the meeting, if convened on a requisition by members, shall be dissolved. In any other case the meeting shall stand adjourned to a day not earlier than seven nor later than twenty-one days after the date of the meeting and at such adjourned meeting the members present personally or represented by proxy, shall constitute a quorum.

*To read as follows:*

**11.6** No business may be concluded at a general meeting unless there is a quorum of at least twenty five members present personally at the commencement of the meeting. In the case of a general meeting for the consideration of a special resolution a quorum shall be twenty five members of the Association eligible to vote.

Should a quorum not be present within half an hour of appointed time for the meeting, the meeting, if convened on a requisition by members, shall be dissolved. In any other case the meeting shall stand adjourned to a day not earlier than seven nor later than twenty-one days after the date of the meeting and at such adjourned meeting the members present personally shall constitute a quorum.

**11.7 Proxies:** A member eligible to vote may be represented at a meeting by appointing a proxy, who need not also be a member, in writing. Such proxies executed on the Association's official proxy form or a notarially certified copy thereof, must reach the Association's registered office at least 48 hours before the time of the meeting. In default thereof the proxy shall be invalid. Proxies lapse after the conclusion of the meeting or the postponed meeting for which they were intended. Proxy appointees can only vote when a ballot is taken.

*To read as follows:*

**11.7 Proxies:** A member eligible to vote may be represented by another member as his proxy provided he presents a properly completed proxy form. Such proxies executed on the Association's official proxy form or a notarially certified copy thereof, must reach the Association's registered office at least five days before the time of the meeting. In default thereof the proxy shall be invalid. Proxies lapse after the conclusion of the meeting or the postponed meeting for which they were intended. Proxy appointees can only vote when a ballot is taken.

Die volgende nuwe klosule word bygevoeg:

**12. Financial Year:** The financial year of the Company shall be from 1st January to 31st December.

**559.9** 'n Verdere voorstel van Stellenboschstreekkomitee, naamlik dat volmagte ingedien mag word tot voor die aanvang van die Algemene Jaarvergadering met dien verstande dat die voorsitter en/of sekretaris van elke streek die geldigheid van die volmagte vasgestel het, sal na die Raad vir besprekking verwys word.

**559.10** Mnr Jordaan sê dat aandag gegee moet word aan die verskynsel dat volmagte aan 'n werknemer van die Stigting (die Direkteur) uitgemaak word. Dit beteken dat so 'n amptenaar met 'n klomp volmagte in sy naam met 'n vergadering kan maak net wat hy wil. Die Voorsitter onderneem dat daar aandag aan die saak gegee sal word.

#### **J560 Verkiesing van nuwe Raad**

Na aanleiding van die aanvaarding van J559.4 (5.2.1) tree die huidige Raad as geheel uit. Die volgende persone word deur die onderskeie streekkomitees as Raadslede voorgestel:

Kaapstad – kol I P Terblanché

Stellenbosch – mnr George Osler

Bo-Bergvlier – mnr Fanie (S) Theron

Worcester – mnr T Pauw

Pretoria – dr A van Zyl

Natal – dr J Pringle

SWA – mnr J A Venter

Mnr Roets stel voor dat die nominasies so aanvaar word en dr Stutterheim sekondeer die voorstel. Die genomineerde lede word dus as Raadslede gekies.

Vir Transvaal moet nog twee lede gekies word. Mnr Roets en dr Stutterheim word voorgestel, gesekondeer en gekies. Dr E Gledhill word as Raadslid vir Oos-Kaapland voorgestel en verkies. Bloemfontein het geen nominasies vir die Raad gehad nie en prof W van Zyl word voorgestel en verkies. Mnr Conradie neem tydelik die stoel vir 'n voorstel vir die Nasionale Voorsitter. Dr Meiring Naudé word voorgestel en die voorstel word eenparig aanvaar.

As Vice-Voorsitter word mnr F D Conradie voorgestel. Dit word eenparig aanvaar.

#### **J561 Streekomiteeverslae**

Daar word besluit dat die Streekomitees se jaarverslae in die volgende uitgawe van Restorica gepubliseer sal word.  
(Gepubliseer in Restorica 6 Bulletin Vol 20 No 37 – Augustus 1979 p. 13)

#### **J562 Algemene Jaarvergadering 1980**

Die algemene jaarvergadering vir 1980 sal in Bloemfontein gehou word. Die plek en datum sal later bepaal word.

#### **J563 Moontlike sloping van wesfasade van Kerkplein, Pretoria**

Mnr T van Huyssteen vra die Algemene Jaarvergadering om kennis te neem dat daar groot gevaar bestaan dat die Wesfasade van Kerkplein in Pretoria gesloop gaan word en dat die Raad 'n afspraak met die Eerste Minister moet aanvra om die behoud van die Wes-fasade te bepleit. Mev J Raath stel voor dat die Jaarvergadering hierdie voorstel staande moet aanvaar sodat dit as 'n demonstrasie kan dien hoe sterk die lede van die vergadering daaroor voel.

Die voorstel van mnr Van Huyssteen word dus staande aangeneem.

## J564 Afsluiting

Die Voorsitter bedank in besonder die Raadslede wat nie weer verkies is of wat hulle nie meer verkiesbaar gestel het nie vir hulle besondere belangstelling en hulp in die verlede. Die Voorsitter bedank ook die Stellenbosch Streekkomitee, en in die besonder vir dr T Botha, vir hulle reëlings en werk

om die Raad en Jaarvergaderings in Stellenbosch moontlik te maak. Daarna word die Algemene Jaarvergadering verdaag met 'n mosie van dank aan die Voorsitter.

Goedgekeur:

Nasionale Voorsitter

(Datum)

# Duwisib, the castle in the desert, and its builder Captain Hans Heinrich von Wolf

– Dr N Mossolow

In August 1979 Duwisib Castle was purchased by the S.W.A. Administration in a privately negotiated transaction, and handed to the Department of Nature Conservation and Tourism. It is expected that restoration will be completed towards the middle of 1980, after which it will be open to the public. The castle is situated on the route Windhoek – Maltahöhe – Lüderitz. Our honorary correspondent, Dr. N. Mossolow, Windhoek, compiled a treatise of considerable length on the castle, which he handed to Mr Justice M T Steyn, who was Administrator-General at that time. This was done at his request, and was done prior to the conclusion of the purchase. Dr. Mossolow is a committee member of the local branch of the Simon van der Stel Foundation and is now preparing a special brochure.


It was until now assumed that the builder of the castle-like farm house on Duwisib (Maltahöhe District) – Hans Heinrich von Wolf – was a Baron of Baltic-German descent, and his father a Russian general who took part in the Crimean War (1855–57), who transferred to German service in 1870. This erroneous conception is also expressed in the memoirs of Hans Fröhlich, the former apprentice of Duwisib who died recently but who was evidently not properly informed about the descent of his Master, whom he called “my Uncle”, although he was not related to him at all.

It is furthermore said that two chairs standing in the castle, bearing double eagles and coats of arms of Russian design presumably were a gift of Catherin II (1762–96) of Russia to the forebears of the owner, in whose service they were.

It is said that the old weapons hanging on the walls originated from the Crimean War. These are, however, only “tales,” which people in South West Africa liked to tell in olden times. As a matter of fact the Family von Wolf are not Baltic Germans and do not bear the title of *Baron*, and neither the father of the castle’s builder, nor his forebears were in the service of the Russian Czars. Equally, the double-eagles and the coats of arms on the chairs are not Russian.

According to the Gotha Almanach (The Register of Nobility) the family of this von Wolf is Saxon. Hans Heinrich von Wolf was born on 11 September 1872, in Dresden. His father was the Royal Saxon Major-general Ernst-Hugo von Wolf and his mother Caroline Louise, neé von Oppel.

Captain Hans Heinrich von Wolf served in the Saxon Artillery in Königsberg near Dresden. After the outbreak of the uprising in South West Africa he reported for service with the Schutztruppe. After the cessation of the uprising Captain von Wolf went on home leave. On 8 April 1907 he got married



